


My Lewensverhaal



DEUR: TIENIE PRINSLOO
Januarie 2024

INHOUD

Hoofstuk 1 – My Grootouers

- 1 Algemeen
- 2 Nicolaas Cornelis Gerhardus Prinsloo
- 3 Mathinus Stephanus Prinsloo
- 4 Izak Frederick Prinsloo
- 5 Martha Jacoba Hug (NEE Prinsloo)
- 6 Gert Hendrik Prinsloo
- 7 Hester Catharina Helena Kleinhans (NEE Prinsloo)
- 8 Ebenauzer Prinsloo

Hoofstuk 2 – My Verhaal

- 1 Algemeen
- 2 Kinderjare – Algemeen
- 3 Kinderjare – Die Plot
- 4 1956: Probleme met my arms en bene
- 5 Kinderjare – Kerk
- 6 Nog so bietjie oor my kinderjare
- 7 Die Jonkers
- 8 Nog algemeen

Hoofstuk 3 – Iets van Alles

- 1 Hospitale
- 2 Bure en Vriende
- 3 So ietsie van alles
- 4 Vakansietyd
- 5 My werk
- 6 Stoutigheid
- 7 My Werksituasie
- 8 Vriende en Probleme
- 9 Arme Lida
- 10 Nog vakansie
- 11 Vroue en ander algemene dinge
- 12 Shirley, en nog so paar brokkies inligting
- 13 Die Skeiding
- 14 Frieda kom in my lewe
- 15 Die tyd stap aan – Die jaar 2000 en later

Hoofstuk 4 – Ai, die ouderdom tog!

(Dinge wat ek vergeet het om vroeër te noem)

Hoofstuk 1 – My Grootouers

Algemeen

My naam is Tienie Prinsloo en ek kan gekontak word by die volgende epos adres: tienieprinsloo67@gmail.com

1 My grootouers:

* Izak Frederick Prinsloo

Gebore: 09-07-1880

Oorlede: 19-08-1938

* Getroud met Maria Magdalena (NEE Ferreira) Prinsloo op 21-03-1905.

Sy is gebore op 24-08-1886 en sterf op 15-11-1969. Sy is begrawe in Kempton begraafplaas.

Uit die huwelik is sewe kinders gebore:

- (1) Nicolaas Cornelis Gerhardus Prinsloo
(Gebore 1906 en oorlede op 22-01-1909)
- (2) Mathinus Stephanus Prinsloo
(Gebore 12-09-1908 en oorlede op 02-01-1984)
Hy is begrawe in die Elspark begraafplaas, graf nommer J77
- (3) Izak Frederick Prinsloo
(Gebore 23-10-1910 en oorlede op 20 Junie 1991)
Hy is begrawe op plaas naby Marble Hall – Bultfontein 697
- (4) Martha Jacoba Hug (NEE Prinsloo)
(Gebore 08-12-1915 en oorlede op 21-10-1981)
- (5) Gert Hendrik Prinsloo
(Gebore op 11-06-1918 en oorlede op 17-05-2006)
Begrawe in die Rebecca begraafplaas
- (6) Ester Catharina Helena Kleynhans (NEE Prinsloo)
(Gebore op 28-11-1928 en oorlede op 29-07-2015)
Sy is veras
- (7) Ebenauzer Prinsloo
(Gebore op 01-05-1922 en oorlede op 08-08-1998)
Is veras en die as is op plaas by Marble Hall – Bultfontein 297

2 **Nicolaas Cornelis Gerhardus Prinsloo:**

(Van Nicolaas weet ek ongelukkig niks).

3 **Mathinus Stephanus Prinsloo:**

Martiens, soos almal hom genoem het, was nie getroud nie. Hy is later getroud met Aletta Johanna Prinsloo (NEE Duvenage, toe Matthee, en daarna as Prinsloo).

Sy is gebore op 03-11-1905 en oorlede op 29-12-1963.

Sy is begrawe in die ou deel van die Boksburg begraafplaas – Graf nommer C130.

Martiens het op die Eregasie gewerk. Hy het gehelp om kanale te bou by Vaalharts. Hy het Lettie ontmoet. Ek is die enigste seun wat uit die huwelik gebore is.

Lettie het 6 kinders gehad en hulle van was Matthee. Martiens was 'n oujongkêrel toe hy met Lettie getroud is. Na die huwelik het hy uitwasman geword op Germiston Loko.

Ek het dieselfde name as my pa. Ek was met Shirley Prinsloo (NEE Henning) getroud op 02/07/1971. Uit die huwelik is twee kinders gebore, nl. Leonard (gebore op 05/01/1972), en Annemarie (gebore op 30/10/1976). Leonard is nooit getroud nie.

My tweede huwelik is met Fredirieka Prinsloo (NEE Hurn) – Herbst – Jansen. Sy is gebore op 23-02-1949. Ons is getroud op 06-11-1999.

4 **Izak Frederick Prinsloo:**

Izak was twee keer getroud. Uit die een huwelik is gebore Ekna. Uit die ander huwelik is Andre gebore. Hy wil niks met die familie te doen hê nie. Ekna en Trieks het vir Frik en Meisie gehad.

Izak Prinsloo was 'n diamant slyper van beroep gewees. Soos ek reeds genoem het, Izak was twee keer getroud. Die eerste huwelik was met Christina Caterina Johanna Klopper. Christina is gebore op 09-07-1918 en oorlede op 21-09-1943, na geboorte van kind. Hy was Izak Christina Prinsloo

(Ekna genoem), gebore 20-09-1943 en oorlede op 17-07-2002. Ekna was getroud met Beatrix Catherina Prinsloo (of Trieks), gebore op 23-01-1946 (nou Combrinck).

Izak het 'n tweede huwelik gehad. Sy was Beatrix Prinsloo (die mooiensvan is onbekend). Uit die huwelik is Andre gebore.

Irna en Trieks (of Beatrix): Izak Frederick Prinsloo (of te wel Frik), is gebore 29 Desember 1966 en Meisie (of te wel Beatrix Catharina Prinsloo) is gebore op 13-03-1970 en oorlede op 13-03-2016. Sy was getroud met Carel Louis Jansen. Geen kinders is uit die huwelik gebore, en albei is oorlede.

Frik is getroud met Weldette (NEE Fourie) en sy is gebore op 27-12-1968. Daar is twee kinders uit die huwelik gebore, nl. Izak F Prinsloo (04-04-1995) en Marna (16-10-1997).

5 **Martha Jacoba Hug (NEE Prinsloo):**

Sy het bekend gestaan as Met. Oor haar het ek min inligting.

Met Hug was getroud met Emil Hug ('n Duitser), wat vals hare gemaak het. Hulle het in Hatfield gebly waar Ouma ook gebly of gekuier het. Hulle het twee kinders gehad, nl. Emil Heinrich Hug (22-08-1939 tot 10-04-2008)

Emil (die seun) het twee kinders gehad, nl. Deon en Karin van Loggenberg.

Die dogter van Met se naam was Alvera. Van haar is min bekend.

6 **Gert Hendrik Prinsloo:**

Gert was een keer getroud. Met Anna (sy is in 1961 dood). Uit die huwelik is Bokkie (of te wel Izak) gebore. Gert is later met 'n vrou van Standerton (hulle bly saam).

Gert het by Weskoppies gewerk. Hy en Anna het in Wonderboom-Suid gebly. Hulle het gereeld by ons gekuier en Gert het gereeld ander karre gekoop. Bokkie was heelwat ouer as ek maar ons het die fietsie gedeel.

7 **Ester Catharina Helena Kleynhans (NEE Prinsloo):**

Ester Kleynhans (NEE Prinsloo) het Hannes in Zambië ontmoet. Na hul troue op 27-04-1956 het hy in Modderfontein gewerk. Hulle het 'n plot by

Halfweghuis gehad. Dit is waar Ouma en Evelyn Lorain in 1969 dood is in 'n motor-ongeluk. Die ongeluk het naby die plot se ingang gebeur.

Hulle het op verskeie plekke gebly. Uit die huwelik is een seun en twee dogters gebore. Die seun het 'n dokter geword en bly tans in Australië. Hy is Matthys Johannes Kleynhans en is gebore op 06-06-1957.

Maria Magdalena Greyling (NEE Kleynhans) is gebore op 17-02-1959, en Ester Bouwer (NEE Kleynhans) is gebore op 20-03-1965.

Izak het gereeld met Ester op 'n fiets oor kanale gery in Christiana. Wanneer hy die geleentheid gehad het, het hy haar in die kanale laat val.

8 **Ebenauzer Prinsloo:**

In Eben se eerste huwelik was hy met Elsie Johanna (NEE Swanepoel) getroud op 01-10-1961. Uit die huwelik is een seun en twee dogters gebore. Die seun se naam is Eduard Charles Frederick Prinsloo. Sy noemnaam is Eddie en hy is gebore op 31-08-1961.

Elaine Jennifer (NEE Prinsloo) van Lelyveld is gebore op 01-07-1963.

Evelyn Lorain Prinsloo is gebore op 15-10-1966 en sterf op 15-11-1969 in 'n motor ongeluk saam met Ouma Maria. Hulle is saam begrawe in die Kempton begraafplaas.

Elsie sterf op 19-09-1996 aan borskanker.

Eben is weer getroud met Anna Magrieta Susanna (NEE Jansen) Prinsloo. Uit die huwelik is twee dogters gebore, nl. Yolanda (NEE Prinsloo) Bronkhorst. Sy is gebore op 19-03-1974.

Annalise Prinsloo is gebore op 09-12-1975 en is tans 'n oujongnoui wat in Pretoria woon en werk. Sy verplaag tans by die Steve Biko Hospitaal.

Anna sterf op 02-05-2016 aan 'n hartaanval.

Hoofstuk 2 – My Verhaal

1 Algemeen

Hier skryf ek net wat ek kan onthou.

Shirley Prinsloo was getroud met Tienie. Sy is gebore Henning op 11-12-1953. Tans is sy woonagtig in Barberton en dra nogsteeds die van Prinsloo.

Eddie Prinsloo is getroud met Johanna Wilhelmina (NEE Slabbert) Prinsloo op 19-03-1988. Johanna Wilhelmina Prinsloo gebore op 05-02-1963. Uit die huwelik is een dogter gebore en haar naam is ook Johanna Wilhelmina Prinsloo. Gebore op 09-02-1989. Albei Johanna's se noem-name is Hannetjie.

My Oupa-Grootjie se name was:

Nicolaas Cornelis Gerhardus Prinsloo

Gebore:

Sterf:

My Ouma-Grootjie se name was:

Hester Catharina Helena Prinsloo (NEE Kriek)

Gebore:

Sterf:

Ek is gebore op 24-01-1947 te Christiana. Daar gedoop op 23-02-1947. In 1949 het ons Boksburg toe getrek. Pa het werk op die Spoorweg as Uitwasman gekry. Dit is op die enjins (lokomotiewe).

2 Kinderjare – Algemeen

Ons het in so ou huisie gebly wat Pa so met tyd reggemaak het. Dit was op 'n plot van 5 morg. Seker van die lekkerste dae wat ek deurgebring het. Hier het ek leer fietsry. Iets wat ek vir baie dae onthou en be-oefen het.

In 1953 is ek skooltoe. Ek sal nooit vergeet nie, so 10 uur se kant toe loop ek huistoe. Pa se vriende met motorfiets was daar. Ek het ingeloop op hulle kuier. Ma was baie kwaad. Sy wou my 'n pak slae gee maar ek kon sien sy wou nie voor die mense nie. Ek is skooltoe die volgende dag.

Ek het 6 half-broers en susters gehad vir wie ek baie lief was, nl. Corrie, Jan, Miem, Koos, Awie, Lida, en dan ek.

- Corrie & At – drie dogters – Van Biljon
- Jan & San – vier kinders – Matthee
- Miem & Andries – ses kinders – De Beer
- Koos & Martie – ses kinders – Matthee
- Awie & Fransie – drie kinders – Matthee
- Lida was drie keer getroud en sy het by haar derde man twee kinders gehad (Krauss en toe Lehnart)
- Dan was dit ek met Shirley en daar is twee kinders gebore. Later is ons geskei.

3 **Kinderjare – Die Plot**

Ek het groot geword met 'n koolstoof. Ons het nie elektrisiteit gehad nie. Die koolstoof was 'n "Ellis". Al die kos was daarop gekook. Daai tyd was daar nie so iets soos braaivleis nie. Dit was als in die vroeë vyftigs.

Ek onthou dat suiker baie skaars was. Ons het konfyt by die koffie gegooi om dit 'n bietjie soet te maak. Dit was na die oorlog.

Die sitkamerstel het sulke breë planke gehad. Later het ons 'n Bal en Klou gehad. Vir kos wat lank moes hou het Ma dit in vet ingelê vernaam frikadelle. Later het Pa so ding gehad wat hy aanmekaar geslaan het. Dit was ons yskas. Dit het ogiesdraad aan die kante gehad met charcoal binne wat gereeld nat gegooi is. Dit het soos 'n "bom" gewerk.

Ons het ook 'n wasklip gehad. Ma het in die beginjare self die wasgoed met haar hand gewas. Ek het baie met my Dinky Toys daarop gespeel. Langs ons huis het ek 'n speelplek gehad. Daar het ek dit ingerig soos ek dit wou hê. Dit was tussen perske bome en op 'n riool gat. Al die water van die huis het daarin geloop. Die toilet was vêr van die huis met 'n emmer-stelsel. Ons het baie vrugte gehad, tog het ek vrugte gaan vaslê saam met ander.

Ons het nie 'n kar gehad nie en dit het maar sukkel-sukkel gegaan. Ek dink Pa het die Plymouth aan At verkoop. Pa het met die fiets werk toe gery.

Die oumense daardie tyd was baie anders as vandag. Hulle het baie rusies gemaak en net so gou het hulle weer vriende geword. Pa en Ma het baie rusies gehad. Pa het rond geloop. Ek het daaraan gewoond geraak.

So met tyd het dinge beter begin gaan. Ek wou bittergraag leer fietsry. Ek het almal gevra om my te leer. Ek het baie geval. Was nerf-af maar het die ding baas geraak. Ma wou niks weet dat ek met die fiets skool toe gaan nie. Dit was my lewe – fietsry! Ek was moeg vir loop. Met die fiets het ek die wêreld vol gery. Ek het soms die fiets onder deur hek gesleep en dan gaan rondry, vernaam waar Jet Park nou is. Daar was ook 'n lokasie. Ek het baie bier daar gedrink. Die swartmense het die bier in die grond begrawe. Die veld het my baie geleer, vernaam slange, rotte, ens.

Lida het ook by ons gebly. Sy was in Voortrekker Hoërskool – Mimi Coertze was ook daar. Koos het ook 'n rukkie by ons gebly. Maar hy het by Corrie en At loseer. Awie het Klerksdorp toe gegaan waar hy 'n ambag geleer het. Hy het net naweke huistoe gekom, en dan was dit soms elke tweede naweek. Hy en Koos het by Ma se broer gaan skiet. Ons stoep het baie koppe van bokke gehad. Dit het daar gehang. Koos het op die Spoorweg begin werk. Lida het in Johannesburg begin werk. Soms het ek 'n fiets Elandsfontein Stasie toe gevat sodat hulle net iets kon hê om by die huis te kom.

Ons het baie Sondag by Ouma gaan kuier in Pretoria. Dit is waar ek by Generaal Smuts beland het – sy begrafnis! Tannie Ester het by die Unie Geboue gewerk. Ons het die begrafnis bygewoon op haar versoek.

Ons het 'n Lister enjin gehad vir waterpomp. Pa het maar altyd gewaarsku teen die handle wat kan uitgly. So met tyd het Pa dik geraak vir die Lister. As die belt nie breek nie, dan is dit iets anders. Dis hoe ons 'n windpomp gekry het. Dit was baie beter en ons het gereeld water gehad.

Teen die tyd was die swartes se buitekamer klaar gebou. Pa het lusern daarin gebêre. Dit was 'n lekker speelplek vir my. Eendag het ons iets met die wa uitgery. Ek het langs Pa gesit. Pa het die donkies aangejaag. Hy het vir hulle gesê dat hulle “bokkers” is. Toe ek vir hulle dieselfde sê het Pa my bo van die wa geklap. Ek was so oorbluf en kon dit nie verstaan nie. Ek mag nie lelik gepraat het nie!

Ek het 'n kaskar gehad. Dit het kruiwa-wiele agter gehad wat die kaskar swaar maak het. Piet Duvenage het my altyd daarin gestoot. (Hy was my neef).

Gedurende 1953 is ons Kaap toe vir vakansie. Ons het met die trein gery want Pa het 'n vrypas gekry. Ek dink terug aan die treinrit. Dit was baie lekker en ek sal dit nie vergeet nie. Kan nie meer onthou nie, maar dit was 1953/54 dat Lida saam gegaan het. Daar het ek die eerste keer na 'n fliëk saam met Lida gegaan. Ons het so baie dinge aangevang. My eerste fliëk was, ek dink,

Tuperso Darling, of so iets. Dit was baie snaaks en ek het my byna dood gelag. Ek het nie van die Kaap gehou nie, die wind het altyd gewaai.

Later in 1954 het ek saam met Lida na 'n Kersboom Funksie by my skool gegaan. Ons het ook baie stoeigevegte daar by die skool gekyk.

Op skool het ek nie deelgeneem aan sport nie. Ek was te tingerig gebou. Op skool het ons ook baie melk en vrugte gekry. Ons het ook coke en bekere gekry. Dit was maar goed wat die regering uitgedeel het.

So klein as wat ek was, was ek maar baie stout! Ek kon nie wag om stout te wees nie. Ek onthou Lida (my halfsuster) was besig om te vee. Die stoep het om die huis gegaan. Sodra sy een kant klaar gegee het het ek sand daarvoor gegooi. Sy was so kwaad dat sy my met 'n koekie seep gegooi het. Sy het my op die neus gegooi dat jy net sien bloed spat. Nodeloos om te sê, my Ma het haar 'n afgedankte loesing gegee met die kweper-lat.

Koos, my ander halfbroer, en ek moes Saterdag gaan hout haal. Ek het agter op die houtsak gesit. Hy wou na Martie gaan vry en die houtkappery het ons aangejaag. As ons by die huis kom moes die hout eers fyn gekap word en in die buitekamer gebêre word. Hy het dit gedwee gedoen. Daarna kon hy na Martie gaan.

Vakansies het ek saam met Ma hek toe geloop waar die goewerments lorrie altyd stilgehou het en dan kruideniersware verkoop het. Ek het altyd die lorrie dopgehou, weet nie waarom nie.

Vleis het Ma altyd van 'n slaghuis in Boksburg gekry. Sy was baie lief vir steak. Ander vleis het mos bene gehad en sy betaal nie vir bene nie, was haar verweer. Pa het die slaghuis se vleis ge-eet maar hy wou nie eet van die diere wat Ma self geslag het nie. Sy het self geslag saam met Koos. Sy het tenminste eenkeer 'n maand geslag.

Dan was daar die oom met 'n DKW bakkie. Hy het bene en mieliemeel-sakke gekoop wat hy dan weer verkoop het. Hy het so eenkeer 'n maand gekom. Daar was ook 'n Jood met sy tassie. Hy het allerlei snuisterye en goed daarin gehad. Ma het baie by hom gekoop. Ek het nou nog 'n kam wat sy by hom gekoop het. Die goed was goedkoop, maar geld was skaars.

Desember was kuiermaand. Jan en Santjie het dan van vêr gekom. Ma het koekies gebak, en vernaam jam-tertjies. Sy het ook vrugte ingelê. Die vrugte was van hoogstaande gehalte.

Corrie en At was bevriend met Willem en Heila Viljoen. Willem het Camilla Fashions gehad. Ma het altyd haar en Pa se klere by hom gekoop. Hy het ook tydig en ontydig by ons gekom met sy VW. At het later jare Camilla Fashions gekoop en self bestuur, maar met al die diefstal het hy ontslae geraak van die besigheid.

Pa het 'n Ferguson radio gehad met 'n windlaaier wat vir die vale moes laai. Pa het niks van LM radio gehou nie. Ek het skelm daarna geluister. Hy het saans na die nuus en sport geluister.

Miem het altyd haar kinders daar gelos sodat sy nog een kon hê. Ek het baie lekker met Johan, haar seun, gespeel. Ma het altyd gesê dat hy 'n sakeman gaan word. Hy het inderdaad ook een geword.

So agter ons huis was 'n gronddam met een wilgerboom. As dit gereën het was dit die lekkerste speelplek. Danie Brits het my in 'n middeldeur-drom rondgestoot in die dam. Hy (Danie Brits) is later army toe waar hy sy oog verloor het. Nadat hy daar ontslaan is het hy 'n Morris gekoop wat ek en hy toe geel gespray het en "warm" gemaak het. By hom het ek baie van karre geleer. Ek moes ook altyd van hom af iemand bel wat Ma dringend gesoek het. Hulle het ook 'n papegaai gehad wat ek altyd verpes het. Danie het ook 'n suster, Ella, gehad. Ek het 'n oog op har gehad. Sy pa is egter oorlede en hy moes alleen vorentoe. Hulle was welaf mense.

Skooldae was lekker. Ek het ook kaalvoet skooltoe gegaan. Soms het dit geryp en so nou en dan was daar sneeu. Ons het gereeld in die vroeë vyftigerjare met vakansies gegaan. Wat ek die meeste onthou is op die JHB Stasie het ek die heerlike vleispasteie en koffie gekry wat baie goedkoop was. In die Kaap het ons verskeie plekke besoek. Ek het nie veel van die Kaap gehou nie. Die wind het ons verwaai en die sandkorrels teen my kaal bene was net iets vreeslik. Die laaste keer, seker daar in 1956 dat ons daar was, het ek besluit dat ek nooit weer Kaap toe sal gaan nie. Ek kon daardie wind nie hanteer nie.

Ek onthou hoe ek kallers gery het, vernaam naweke saam met Corrie se kinders. Die meisies het my altyd "gedare" om 'n kalf te ry, wat ek dan ook gedoen het. As hulle weg was het my boude gebrand. Pa het gesê ek maak hulle seer.

Die plot was bar. Daar was niks en ons moes die wêreld mak maak. Ek het baie beeste opgepas, nog voor ek skool toe is. Baie dae het ek in die beespaadjies geloop, dan het ek slange getrap wat my baie hoog laat spring

het. Eendag het ek in 'n gat geval. Dit was soos 'n graf. Hoe ek daar uitgekome het weet ek nie! Dit was die einde van my bees-oppas dae. Ma het 'n stokkie daarvoor gesteeek.

Ek en Ma moes dorp toe (Boksburg). Hoe ons daar gekome het weet ek nie. Met die terugkom het ons geloop. Ek was al moeg en Ma het my soms gedra. Dit was vêr want ons moes loop.

Ma het my altyd winkel of poskantoor toe gestuur. Soms het ek met die fiets gery. Partykeer het ek sommer net geloop. Ma het altyd die geld wat ek moes spandeer in 'n sakdoek vasgeknoop en met 'n hakspelt in my sak vasgesit.

Al ooit in die oggend wakker geword net om te vind dat die veld oornag afgebrand is? Dit is 'n vreeslike gevoel, want waarheen met al die vee? Dit is iets wat gereeld gebeur het, maar ons het dit gewoon geraak

Pa het so stadig aan die huis begin regmaak en herbou. At, my swaer, het elke Saterdag gekome en die dakkappe gedoen. Hy was goed met houtwerk want dit was sy werk. My neef het die vloere (teels) gedoen. Sy naam was Gert Vermaak en ek moes hom altyd help.

At, oom Izak en ek, moes een Saterdag iets gaan koop. Oom Izak was my pa se broer en het baie gedrink. Ons het so 'n ent gery toe ons 'n kleurling vrou opgelaai het. Izak kyk vir At, en andersom! Agterna het hulle volgehou dat hulle nie geweet het sy is 'n kleurling nie. Dit was apartheidsjare en niks het gebeur nie. Ek was in elk geval klein en het nie geweet wat apartheid is nie.

Gert Vermaak het my altyd saam geneem want ek het geweet waar elke plek is. Spoorsny was my tweede natuur! Ek het altyd, as ons dorp toe is of iewers, die spore op die werf ontlee. Ek kon dadelik sê wie daar was, ens.

Ma het altyd gesê dat haar beste skoonseun At was. As hy bestuur het was dit met grasia. Hy het nooit vir ons kwaad geword nie, maar as hy kwaad was, dan was hy kwaad!

Pa het die huis klaar gemaak, asook die garage en die buitekamer wat hy later verhuur het. Pa het 'n Lister enjin gehad wat water gepomp het. Later het hy moeg geraak vir die Lister en het 'n windpomp oorweeg. Hy het 'n Climex by Farmer Supply in Benoni gekoop. Ons watertenks en dam was altyd vol. Pa het 'n lusern-land gesaai. Die beeste het baie die drade gebreek om by die lusern te kom. Ons het baie beeste so verloor. Ma het vrugtebome aangeplant om die huis. Desember het al die kinders kom kuier, en hulle kon vrugte saam vat

huistoe. Pa het met sy breëwiel fiets werk toe gery. In die middag het ek vir hom uitgekyk so teen half drie se kant. Ek het lift met hom gekry. As hy laat was, was Ma baie kwaad vir hom.

Om karretjies in die hande te kry het ek maar altyd in Ma se beursie gekyk vir sente, ens. Ek het ook gespaar en later vir my 'n nuwe fiets gekoop. Ek was mal oor fietsry. Ek het baie Dinky Toys en Corgi Toys gehad.

4 **1956: Probleme met my arms en bene**

Gedurende 1956 het ek snaaks begin voel. My arms en bene wou nie lekker beweeg nie. Ek het eers stil gebly maar my ma het iets agter gekom. Gelukkig het Pa medies gehad. Hulle het my na Dr Pretorius en Dr Theron in Johannesburg geneem. Hulle kon niks fout vind nie behalwe dat dit die teenoorgetelde van polio was.

Die styfheid het my baie gestrem. Soms het Dr Pretorius, en later Dr Isaacs, na 'n besoek Joubertpark Hospitaal toe gestuur. Ek sal dit nooit vergeet nie. Ek het gehuil al die pad van die dokters af tot by die hospitaal. In die hospitaal is verskeie toetse gedoen. Ek het in die aande by die venster gestaan en die stad se liggies bekyk. Oom Izak het my soms kom besoek want hy het in Hillbrow gebly. Ek het na die trems gekyk wat daardie tyd nog geloop het

Na so twee weke in die hospitaal het Oom Izak ons na 'n hotel geneem waar hy vir ons 'n ete gekoop het en daarna het ons met die trem stasie toe gery. Die stad het baie meer liggies as nou gehad. As ek moet sê dan moet ek jok.

5 **Kinderjare – Kerk**

Ek dwaal so bietjie af, maar Ma het my in die kerk grootgemaak. Ons was in die Gereformeerde Kerk Boksburg. Aangesien Pa Sondae moes werk kon ons net sondae aande kerk toe gaan. Daarna het ons sommer net gekuier.

Ma se swaer het ons kom oplaai kerk toe. Hy het daardie tyd 'n Gudbroad bakkie gery. Dit is 'n bakkie wat jy gladnie meer kry nie. Die eerste keer toe ek agter op daardie bakkie gery het, het ek my byna dood gelag. Dit was baie snaaks. Die Oom Nick wat die bakkie gery het, het nie vêr van ons gebly nie. Ons het baie oor-en-weer gekuier. Hulle het 'n groot boord gehad en ek het baie vrugte ge-eet.

Baie van ons kerkmense het op plotte gebly. Ek onthou nog Ds de Klerk. Ma en Pa het een aand by hulle gaan tee drink. Na Ds de Klerk het ons Ds Malan gehad. Hy het vir my baie gedoen. Hy het my nog aangeneem en voorgestel. Na Ds Malan was dit Ds Willie Venteren na hom was dit Ds Daan Bakker.

6 **Nog so bietjie oor my kinderjare**

In Graad 1 het ek Juf Kriek gehad. Sy het ons baie met klei geleer en die Bybel. Ek kon nie wag vir die Bybel-klas nie. Sy het met prente wat sy self gemaak het dit baie interessant gemaak. Later jare het sy my ook na 'n Dr in Benoni gevat.

In Graad 2 het ek Juf Steyn gehad. Ek kan nie veel van haar onthou nie. Standerd 1 en Standerd 2 het verby gevlieg. In Standerd 3 het ons Mnr Green gehad.

Ek het begin agterkom dat ek nie behoorlik kan loop nie. Dit was daai jare, en die mediesie was nie so geleerd soos nou nie.

Van Graad 2 was ek saam met Koos Kruger (Koos K...). Hy het predikant geword. Dan was daar Sarel le Roux. Hulle het 'n melkery gehad daar waar die East Rand Mall nou is. Dan was daar Gideon Griesel en Fanie Viljoen wat langs Concordia skool gebly het. Ek het baie 'n lift gevang saam met Gideon (wat langs Sarel gebly het) se karretjies wat dorp toe gegaan het om melk af te lewer.

Standerd 4 het 'n end aan alles gebring. Ek was 'n jaar en een kwartaal (1958/1959) uit die skool. Ek het Standerd 4 in drie kwartale in 1959 gedoen. Die nuwe Dr EG Jansen is toe gebou. Ek het eers in 1961 daarheen gegaan. In Standerd 4 het ons weer Mnr Green gehad. Die skoolhoof was Mnr DF Kotze en hy het in Germiston gebly.

Ek het van Pa se vriende by sy werk gepraat. Daar was die Ellis mense wat 'n Vanguard kar gery het. Die voorwiele wou nooit behoorlik draai nie. Dit is 'n lang storie. Die oom en tannie was neef en niggie getroud. Hulle kinders was nie lekker nie. Die tannie het altyd vir my lekkergoed gebring toe ek siek was. Hulle het ook 'n seun gehad wat in die San Michelle Home was. Ek het hom gesien maar kon nie die reuk vat nie. Daar was die snaakste reuk in die lug wat ek nie kon hanteer nie.

Gedurende 1960 was ek weer in die hospitaal. Ek was teen hierdie tyd al baie moeg vir toetse wat op my gedoen is. Dr Isaacs was ook al moedeloos en het gesê dat hy nog een toets wil doen en daarna gee hy op. Ek moes Epanutin drink om te sien wat sal gebeur. Dit was na die derde wat ek die verskil kon voel. Hy het gehuil van blydschap toe ek weer normaal kon beweeg. Hierdie pille maak jou egter bedonnerd, maar dit help. Ek het die pille vir 49 jaar gedrink. Het dit net gelos een dag en niks oorgehou nie.

7 Die Jonkers

Gedurende 1957 het die Jonkers langs ons ingetrek. Ek het met een van die seuns bevriend geraak. Hy is Collin. Sy regte naam is Petrus. Hulle was vyf kinders: Jonker (Ben), Susan, Cillin, Pierre en Cris. Cris is in 1958 gebore.

Ek en Collin het baie drooggemaak. Nou het ek nie meer alleen in die veld rondgery nie, maar ek kon Collin baie plekkies gaan wys. Daai tyd kon ons baie droog maak, vandag sal hulle ons toesluit.

Ek moet seker van ons stout wees dae vertel. Collin het 'n jonger broer, nl. Pierre gehad. Hy is ook al oorlede. Collin se pa, oom Kosie, het vir my en Pierre gestuur om te ploeg daar naby Benoni. Dit is 'n land waar daar perske bome geplant was. Ek het op die modderskerm gesit en Pierre het bestuur. Ons het 'n hele stuk omgeploeg toe ons op 'n ou perskeboom gat afkom. Ek het Pierre aangepor om deur te druk en deur die gat te gaan. Hy het deur die gat gegaan. Die tekker het middeldeur gebreek hier by die ratkas. Oom Kosie was baie kwaad vir ons. Hy het die trekker laat "blaze" maar dit het niks gehelp nie. Die trekker het hy later verkoop.

Een middag na skool het ek en Collin sy ma se spens besoek. Ons het 'n groot bottel ingelegde perskes vasgelê en op die varkhokke se dakke gaan eet. Die leë bottel het ons maar stilletjies op sy plek gaan bêre.

Collin se bloed het net weggeraak en hy het in die hospitaal beland. Eendag het ek vir hom gaan kuier. Voor die Boksborg tronk het 'n vrou met 'n Vauxhall voor my ingedraai. Ek het baie gard geval. My fiets se voorwiel was gebuig. Ek moes dit weggooi en 'n nuwe een aansit. Pa was baie kwaad gewees.

Collin se neefs het vakansies baie by hulle gekuier, dan het ons baie droog gemaak. Almal van ons het altyd in die pad gespeel. Piet het so ou motorfiets gehad wat nie brieke gehad het nie. Dit het net een spoed gehad. Ons het met die ding op ons plot gery. Ons het so 'n kwart myl (daai tyd was dit myle) gery om spoed op te bou. Daar was 'n sirkel, en anderkant die sirkel was 'n

wasgoedlyn van bloudraad. Toe dit my beurt was het ek dit vol-oop gedraai met die gedagte dat ek om die sirkel so ry. Toe ek in die sirkel kom toe sien ek te vinnig ry. Ek het maar reguit gery en die wasgoedlyn getref. My nek was seer vir 'n lang tyd. Op die motorfiets het ek nooit weer geklim nie. Ons het eendag Brakpan toe gery om daar te gaan tee drink en te kuier.

Met die Jonkers wat langs ons gebly het, het ek baie goed ervaar. Collin se ma was baie musikaal. Hulle het partytjies gehou en so ontwaak. Een aand het hulle ook 'n partytjie gehad en een ou wat 'n senuwee leier was het dood verongeluk nadat sy meisie net haar hand op sy been gesit het. Sy het egter van sy siekte vergeet.

Tannie Jonker het pop klere gemaak. Sy het in haar spaar tyd vir Jollie Dollies gewerk, ook maar om die pot aan die kook te hou. So het my ma ook begin belang in pop klere. Sy het egter nie genoeg tyd daarvoor gehad nie.

Naby ons het ook die Kleynhanse ingetrek. Ek kan nie meer almal se name onthou nie. Hulle was nie getroud nie – sommer saam gebly. Sy het twee dogters uit haar vorige huwelik gehad, en drie seuns by Kleynhans. Wat ek van hulle onthou is dat ek saam met die seuns gespeel het. Die oom Kleynhans het 'n Ford gery en het altyd gejaag. Hy het om draaie gejaag asof die duiwel agter hom is. Ek moes altyd op die uitkyk vir hom wees. Sy en my ma (ek dink haar van was Meyer) was groot vriende, en het altyd saam by die government lorrie gekoop. So het hulle vriendskap aangehou tot 1963. Ek kan nie onthou of sy baie by die Jonkers gekom het nie. Ek glo nie die Jonkers het baie van hulle gehou nie. Wat verkeerd geloop het tussen hulle weet ek nie meer nie.

Tannie Jonker het begin welsynkinders inneem. Sy het mooi na hulle omgesien. So het ek vir Theuns Jacobs en sy familie ontmoet, asook vir Boetie Smit. Tannie Jonker wou hom laat aanneem het, maar ek weet nie wat het skeef geloop nie.

Oom Jonker wou een Saterdag braai maar het nie genoeg hout gehad nie. Sy swaer in Edenvale het genoeg hout gehad maar ek moes dit gaan haal. Ek en Theuns se suster het toe met die bakkie gery en dit gaan haal. Sy het so sproet-gesiggie gehad, maar nou ja. Die snelweg was in aanbou en jy moes versigtig bestuur. Sy het my begin soen en so het ons in 'n sloot beland. Na vele gesukkel het ons die bakkie weer op die pad gekry. Oom Jonker wou net weet hoekom ons so lank vat.

Tannie Jonker het weer 'n partytjie gegee en die familie uitgenooi. Ek het baie belanggestel in een van die meisies. Sy was van Linden en ek het baie van haar gehou. Op 'n kol het ek en sy langs die huis gaan vry. Die huis was naby die grensdraad gebou. Ons het net-net in die gangetjie ingepas. Op 'n kol het ek vir haar gesê dat die maan mooi skyn waarop sy my geantwoord het dat dit 'n straatlig is.

8 Nog algemeen

Lida het in 1960 vir haar 'n wit VW gekoop. Ons het die wêreld plat gery. Pa het intussen, ek dink dit was in 1958, vir hom 'n 1952 Morris Minor in Benoni gekoop. Hy het ook 'n NSU motorfiets gehad waarmee hy werk toe gery het.

Ek onthou dit was in 1957, Ma was in die hospitaal, en ons het elke aand vir haar gaan kuier. Die pad was baie sinkplaat en een aand het ons met die NSU gery. Ek was agterop en met die sinkplaat het my voet gegly en in die speek beland. Gelukkig was ons oppad hospitaal toe. Hulle het die voet verbind en dit het gesond geword.

Na almal weer gesond geword het, het ek baie dinge aangevang op die plot. Ek het Pa se Morris gelaai met klippe waarmee ons 'n rotstuin by die garage gebou het. Pa het die Morris ingegee en die sitplekke is oorgetrek (so rooi kleur).

Ons het ook elke Kersfees na Harties toe gery. Pa het ons ook gewys waar hy grootgeword het. Daar by Silkaatsnek. Hy het ook vir Louis Leipoldt ontmoet. Wat hy by Louis geleer het is om nie te rook nie. Hy het ook die rook gelos en beter gevoel.

Ek en Lida het die naweke Bapsfontein toe gegaan. Die talent kompetisies daar was fenominaal. Ek het baie mense ontmoet. Lida het vir my 'n transistor radio gekoop. Ek het saans, vernaam Sondae, na LM Radio geluister. Pa wou niks van LM Radio weet nie en ek moes maar skelm daarna luister. Sy het ook vir my 'n platespeler en plate gekoop. Nog later het sy my moderne klere gekoop.

Sy was rof met die VW en het parkeer waar sy wou. Sy het ook ongelukke gehad. Ek het met daai Volksie ook geleer bestuur. Ek was maar bang om in die pad te gaan maar sy het gesê ".....RY!" So het dit aangehou tot 1965.

Hoofstuk 3 – Iets van Alles

1 Hospitale

Saam met Dr Isaacs moes ek in baie Johannesburg hospitale deurbring. Wits Universiteit ken ek baie goed. Baie toetse daar gedoen.

In die ou Johannesburg het ek baie beleef. Een keer toe ek daar was het baie mense daar gesterf. Daar was baie beddens in die saal maar die mense het nogtans gesterf. Ek onthou een aand het ek en 'n ou gaan tee maak. Dit was na besoektyd. Ons het maar soos gewoonlik geklets. Sy bed was langs myne. Die volgende oggend is hy weggevat – dood! Tot vandag weet ek nie waaraan nie. Hier het ek geleer wat die dood regtig is.

Ek het in die Florence Nigtingale gelê en wou gaan bel. Daar het 'n houtbank voor die tiekieboks gestaan. Ek het nog swaar geloop. 'n Ou wat daar gesit het, het my getrip en ek het met my gesig teen die bank geval en my neus gebreek. Ek kan tot vandag toe nie 'n pyp naby my neus verdra nie.

Gedurende 1958/59 het my ma 'n perd (ou Poon) aangeskaf. Sy het ook 'n kar wat middeldeur gesaag was gekoop. Met hierdie kar en perd het sy my skooltoe gevat. Ek was nog swak van al die medisyne, ens. Dit was in 1959 en Ma wou dat ek sterk word vir hoërskool. Collin het soms saam gery.

2 Bure en Vriende

Ek het baie van Pa se vriende geken wat saam met hom gewerk het. Hulle het gereeld kom kuier.

Pa het ons altyd van Daisy de Melker vertel. Hy en Ma het haar saak in die Landstem koerant gevolg, as ook ander sake soos die Moodies, ens.

Iets wat ek nooit sal vergeet nie is die dag dat ons by een van sy vriende gaan kuier het. Ek het 'n vraat van myself gemaak deur te veel moerbeie te eet en daarna te veel liqueries. Daardie aand moes Pa Benoni toe gaan om my dokter toe te vat.

Ander bure wat ek geken het was die Van Zyl's. Hulle het 3 dogters gehad. Dan was daar Willem Weideman wat saam met oom Izak gewerk het. Dan was daar Juffrou Steyn wat ek in Graad 2 gehad het. Sy het later vir haar 'n

splinternuwe Chev aangeskaf. Daar was nog baie ander. Ek het ook Dr Vosloo geken wat ons huis-dokter was, en nog later het hy stadsraadslid geword. Met my siekte daar in 58/59 het hy ons baie bygestaan. Hy het meer Benoni se kant toe gebly, ook op 'n plot.

3 So ietsie van alles

Gedurende 1958 het ek die Springbokke begin volg. Rugby was in my bloed en daardie tyd was rugby nog rugby. Ek het die spelers goed geken – by name.

Ek het Penny Coelen ook gevolg, hoe sy Mej Wêreld geword het. Sy het ook 'n Borgward Isabella gewen. Dit was nog 'n sport koepee.

Soos ek reeds gesê het, die lekkerste pie's wat jy kon kry was by daardie restaurant as ons met vakansie gegaan het.

Koos is getroud, so ook Lida. Kooe em Martie het in Witfield in 'n garage gebly. Lida en Robin het in 'n woonstel in Florida gaan bly. Hy was 'n elektrisiën, en hulle het so 'n ou Anglia gery wat hy gereeld moes “panelbeat”. Hy het die ding gereeld gerol. Ek het daar gaan kuier.

Awie en Fransie is op 9 Februarie 1957 getroud. Ma was in die hospital en kon nie die geleentheid bywoon nie. Dit is toe dat ek my voet in die NSU se speek gehad het.

Pa het himself eendag raakgeskiet. Ek het in die Morris gesit en leer toe ek die slag hoor. Hy het sy wysvinger weggeskiet. Wat hy gedoen het weet ek nie. Ek het Oom Jonker gaan roep. Ons het hom hospital toe geneem.

Op Laerskool het ek die gewerskaf by EG Jansen dop gehou. Die skool was in aanbou. In 1961 is ek Hoërskool toe. Mnr Roberts was ons klas-onderwyser. Dr EG Jansen was toe 'n jaar klaar. Die skool was eers daar in Comet.

Eendag in St 7 het ons Liggaams-oefening gehad. Een ou het sy witbroekie by die huis vergeet. Hy moes buk vir ses van die bestes. Toe die onnie klaar geslaan het draai die ou so ewe om en vra die onnie of hy nou klaar is want hy wil ook 'n beurt hê. Hy het die onnie stukkend geslaan maar is uit die skool verban.

In St 6 is ek met die fiets skooltoe. Ek wou nie dat Ma my met kar en perd skool toe vat nie.

Eendag in St 8 het 'n ou (hy was die grapmaker) laat by die klas opgedaag. Hy was ou Kallie. By navraag het hy ons meegedeel dat hy eers by die meer was. Daar is iemand se kop in 'n tas gekry. Ek het die moord in die koerant gevolg. Dit was 'n lelike saak. Die moordenaar is later gevang maar het selfmoord gepleeg by inhegtenisname. Kallie het Sondae middag na die Fireplace gegaan waar hy Johnny Concas en die G Men gekyk en gehoor het. Hy het Maandae aan almal in St 8 kom rapporteer wat hy daar waargeneem het.

Dan was daar Heinrich Boshoff. Hy en sy suster was 'n tweeling. Hulle was in my klas. Hy was baie lief vir motorfietse. Hy het altyd naby ons huis gery. Een aand het hy ook met sy motorfiets gaan ry. Hy het skelm gery. Hy was te jonk vir 'n lisensie. Sy pa het die hek toegemaak. Die speedcops het hom geskraap en hy het vir hulle weg gejaag. Hy het reguit huistoe gejaag. Daar het hy in die hek vasgejaag, en bo-oor geval. Die speedcops het hom daar aangetref. Hulle het 'n saak teen hom gemaak. Die volgende oggend het hy stukkend skooltoe gekom.

Ek wou met alle geweld net gaan werk nadat ek St 8 klaar gemaak het.

Ek en Collin en sy neefs is Blaupan toe met die fietse. Dit was Desember en ons wou net kamp. Pa het my daar kom roep en gesê dat Ma baie siek is. Ek is huistoe en ons het vir Ma gaan kuier. Ek kon sien sy is baie siek. Dit het 'n paar dae aangehou.

Op 29 Desember 1963 het ek en Pa so op die bank gesit toe Oom Daantjie Kleynhans daar aankom en sê dat sy vrou dood is. Sy is die oggend dood en Ma die aand. Om te dink ons was bure en die vrouens is dieselfde dag dood.

Met Ma se dood het Oom Nic hulle daar by ons tydelik gehuur. Hulle was besig om plaas toe te trek daar by Vaalwater. So het dit gekom dat Collin se ma haar oor ons ontferm het. Sy het maar altyd kos reggemaak, ens. Lida het naweke die huis skoon gemaak en gekook. Sy het goed na ons omgesien.

In Januarie 1964 het ek by Ds Malan my aanneming geleer. In Februarie het ek belydenis afgelê. Ons was daardie tyd nog 24. Iets wat jy vandag nie meer kry nie.

4 **Vakansietyd**

Ek het baie belangstelling in skool verloor. Ma het my altyd gehelp. Ek was dwalend. Het nie geweet wat om te doen nie. Ek het die eerste vakansie 1964 na my broer Jan in die Oos-Kaap gegaan. Was twee weke daar toe sy swaer dood is in Sweizer Reneke. Ons is toe met sy Opel daar weg om die begrafnis by te woon. Jan het toe vir my 'n geleentheid gereël tot in Krugersdorp waar ek toe die trein moes haal. Op Johannesburg Stasie het ek deur geloop toe 'n kragtige bom afgegaan het. Dit was ANC en apartheid, en nog wie weet wat! John Harris het die bom daar geplant en is later gehang.

Ons, dit is nou Collin sy neef Chris en ek, is een vakansie plaas toe. Dit is daar anderkant Vryheid. Dit was baie lekker. Ons was 3 weke daar. Die treinrit en skelm rook was die hoogtepunt. Ons het baie ge-eet, vernaam mieliebrood. Ons het die Swart Umfolozi rivier deurkruis. Ons het met Pellet gewere rondgeloop en baie teiken geskiet. Dis waar ek myself in die voet geskiet het. Dit was maar net 'n skrams skoot. Met die terugkom het ons op Dundee Stasie elk 'n mes gekoop. Daar het ons biltong gekoop wat ons met die messe aangedurf het. Ek het my duim lelik raak gesny, maar die sakdoek was byderhand.

Lida het vir haar 'n 1960 Volksie gekoop waarmee ek geleer het, en baie sports mee gehad het.

Ek saam met suster Corrie en familie gaan vakansie hou by Badplaas. At het die Kombi omgebou. Corrie het toe al voorspel dat ek dit nie gaan maak met die skool nie. Ek loop te veel rond.

Ek het feitlik elke naweek my Lida gaan bly. Ek het Johannesburg soos die palm van my hand geken. Op 'n kol het ek met die fiets soontoe gery. Pa moes my daar kom haal want daar was iets fout met die wiel. Pa was baie kwaad vir my.

5 **My Werk**

Gedurende 1965 het Corrie se voorspelling waar geword. Ek het skool gehaat. Al my boeke het ek in die Hoof se kantoor gaan gooi.

Ek het in April 1965 my lisensie gekry. Dit was na 'n groot gesukkel, maar ek het dit gekry! Die helfde van 65 het ek werk by die Spoorbaan Inspekteur in Germiston gekry.

Pa het vir hom 'n Opel Kadet gekoop. Dit was nog in die skooldae, net voor ek gaan werk het. Ek het een onnie (Handwerk) ge-dice. Hy het 'n DKW gery. (Omdat Pa met die breëwiel fiets werk toe gery het, het ek besluit ek gaan met die Opel skool toe). Die onnie het seker by die Hoof gaan kla. (Eendag het die skoolhoof by ons klas ingeloop en aan my gesê dat ek nie weer met die kar skooltoe mag kom nie).

Dit was 'n Vrydag en Lida sou vroeg kom om huis skoon te maak. Ek het so 'n spyker gehad waarmee ek die slot van die garage oopgemaak het. Die spiker was plat geslaan en het soos 'n bom gewerk. Ek het die dag die spyker verloor. By my aankoms by die huis het ek dit eers agtergekom. Daar was nie tyd nie. Ek het vining 'n ander spyker plat geslaan, maar dit wou nie werk nie. Lida het intussen opgedaag en het baie gekla oor wat ek aanvang. Ek het 'n hammer gevat en die slot daarmee oop gemaak en die kar gebêre – net betyds! Ek kon die Opel met 'n 20 sent stuk start. Die Opel was 'n paar maande oud toe die enjin ingee. Pa het die agente in Kempton Park geraadpleeg. 'n Ondersoek het gevolg. Dit was 'n moeilike ondersoek. Op die ou end het hulle 50% betaal en Pa 50%.

Ek het gaan werk. Ek het eers ses maande vir die Spoorbaan Inspekteur gewerk. Daar het ek baie beleef. Die gebou was langs die duikweg in Presidentstraat. Eendag het daar 'n trok van die dorp se kant af gekom. Dit het houtbalke vervoer en bo-op die houtbalke het bandiete gesit. Nege van hulle. Die alarms het afgegaan maar dit was te laat. Al nege bandiete is platgedruk. Dit was 'n lelike gemors. By die brug het ek baie gesien. Eendag het 'n bus lank daar vasgesit.

Ek het baie na Kaserne en Braamfontein gegaan om daar uit te betaal, en aan die swartes overhalls en skoene te gee. Die swartes het baie na ons kantoor gekom om hul overhalls om te ruil asook die skoene. Daar was een wat bly terugkom het om vir ons 'n harde tyd te gee. Ek het sinus snuff in my laat gehad en was moeg vir hierdie swarte. Ek het die sinus snuff aan my hande gesit, dit warm gevryf en geruik. Hy het met mening dit ook gedoen en toe daar neergaslaan soos 'n os! Ek het groot geskrik. Ons het hom gelawe. Hy het ons nie weer gepla nie.

Met my lisensie in my sak kon ek maak soos ek wou. Ek het baie vir Oom Jonker met sy bakkie na Checkers gegaan om varkkos te kry. Ek moes by verskeie Checkerse laai soos Malvern, Germiston asook Primrose. Een Saterdag kry ek en Collin lus vir 'n bier. Ons is na die Balmoral Hotel daar in Elandsfontein. Ons vat Chris en Theuns saam. Daar wou die barman ons

nie help nie. Hy sê ek is te jonk. Nouja, ek is huistoe om my lisensie te gaan haal. By my aankoms daar kon net ek drink en die res moes maar uit.

6 **Stoutigheid**

Almal het altyd gewaarsku teen rook. Nouja, as mens jonk is dink jy nie. Ek en Collin het begin dink aan rook. Ons het egter nie geld gehad nie. Ons het planne gemaak. Ons het in die gronddam agter ons huis gaan rook. Ons het zolle gedraai met beesmis. Pa moes aan die windpomp werk. Ons het nie met hom rekening gehou nie. Ons wou net rook. Ons het nog so sit en rook toe my pa van agter 'n wilgerboom vra wat dink ons doen ons. Ons het die stompies doodgedruk en hom nie geantwoord nie. Hy was baie kwaad vir ons.

Die volgende middag het ons weer gaan rook. Ons het in Collin hulle se onderste veld gaan rook. Ons het agter 'n hooimied gesit. Die stompies wou nie brand nie en ons het baie gesukkel. Dit was winter en die wind het gewaai. So het ons die veld aan die brand gestee. Alles het afgebrand. Sy pa en my pa was baie kwaad. Ons het loesings gehad en moes elke middag die beeste op pas. Gelukkig het die reen-seisoen vining gekom en die veld het gou herstel.

'n Klomp van ons het een Saterdag-aand gaan vrugte steel en tok-tokkie speel. Die vrugte steel was nie so lekker as die tok-tokkie speel nie. Die tannie by wie se huis ons gespeel het, het 6 kinders gehad, en sy wou hulle beskerm. Ons het nie geweet sy het 'n geweer nie. Sy het wild en wakker begin skiet en ons moes hardloop vir al wat ons werd was! Met die weg-hardloop het ek oor 'n draad gespring en in 'n hoop nat beesmis geval. Ek het 'n draai huistoe geloop. Ek het vreeslik gestink en naar gelyk. Dié dag het ek net vir my 'n nuwe T-Shirt gekoop. Daardie hemp het ek gaan was. Die volgende dag het ek net na stukkies hemp gekyk. Theuns se perd het in die nag die hemp begin vreet. Ek moes dit weggooi.

7 **My Werksituasie**

Ek het eers op die Spoorweg gewerk. Onthou my eerste girlfriend het in Geduld, Springs gebly. Haar pa was baie groot en het saam met my pa gewerk in Germiston. Die beginjare (1965) het ek naweke vir haar gaan kuier. Sy was Naomie van der Merwe. Ons het baie gaan fliiek, dis omtrent al wat mens kon doen. Hulle het kamers agter gehad waar loseerders gebly het. Ek het bevriend geraak met een ou, sy naam was Tony. Hy het my genooi om een

Saterdag saam met hom te gaan ry in sy Anglia. So gesê, so gedaan. Oppad was daar twee meisies wat langs die pad geloop het. Met die kykery na hulle het ons in 'n groot sloot beland en die Anglia se sump was daarmee heen. Hy het die kar laat reg maak. Die meisies het ons net uitgelag.

Vaste werk: Ek het by Hayne & Gibson begin werk. Corrie wou dat ek 'n ambag leer.

Sal nooit die eerste dag vergeet nie. Dit was die 10e Januarie 1966 en het maar baie vreemd gevoel. Ek het die verskillende lettersoorte geleer. Gou het ek die ouens begin leer op hulle name te ken. Party het lang hare gehad, en party het in bands gespeel. Die meeste was vakleerlinge en hulle het perde gespeel. Part het weer gedobbel. Ek kon nie vat aan hulle kry nie en het maar my eie paadjie geloop.

Hier het ek swart tale geleer. Moes op 'n Joodse koerant leer en het die 6 daagse oorlog in Israel meegemaak. Part aande moes ek laat werk. So het ek baie geboue sien opgaan, soos die Ponte en vele ander (1966/67). Ontwikkeling in Hillbrow het daardie jare plaasgevind. Ek het by Lida gaan bly, was nie lus vir treinry nie.

Soggens het ek werk toe geloop. Dit het 20 minute gevat. Ek het dan mooi gekyk na al die geboue en wat daarmee saam gaan.

Ons het elke jaar 'n wedstone gehou. Hier so Kersfees se kant. Dis waar ek vir oorlede Dirkie Smit ontmoet het.

Wat vir 'n ding is 'n wedstone? Dit is soos 'n tafel met 'n staalblad waarop 'n bottle whiskey gebreek is. Ons het dan part gehou. Later het ons dit ander plekke gehou want die ouens het handuit geruk.

Wat vir 'n ding is "Vader van Kapel"? Dit is 'n ou wat hoof van alles is. Hy reel vir wedstones, is hoof unie-vertegenwoordiger. As iets skeef loop word hy ingeroep.

Soms het 'n vakman ons iets geleer en as ons droogmaak is ons tussen die blaaië geslaan met 'n staal liniaal (gage). Dit het van ons manne gemaak.

8 Vriende en Probleme

Ek het deurmekaar geraak met Gert Woest by Doornfontein. Ek was nog dom en het nie mensekennis gehad nie. Ek het gedink dat die son uit hierdie ou skyn. As ek net geweet het! Ek was in my eerste jaar en hy in sy derde jaar.

Ons het elke naweek iewers heen gegaan. Maandae, as ons by die werk kom, moes ek hoor dat sy pa hom gesoek het. Sy pa het vir hom karre gekoop. Toe ek met hom deurmekaar was, het hy so Opel Record gery, wat mooi opgepas was.

Een naweek het ons dates gehad. Hy het die dates ge-ignoreer. Ons is die Vrydag-middag na werk eers Olifantsfontein toe. Hy moes iemand daar op 'n plaas gaan sien. Ons moes oor 'n treinspoor ry. Met die terugkomslag het hy die kar op die spoor afgesit. Ek kon die trein sien aankom. Hy het chicken met die trein gespeel. Ons was net oor toe die trein verbysnel. Ek was lam van skok.

Hy het voorgestel dat ons Durban toe gaan. Ek wou my pa sê en ons moes my goed gaan haal op die plot, onder andere my platespeler. Ons het net so R25 by ons gehad, maar dit was genoeg. Goed was goedkoop. Ons het gery en plate gespeel, army ouens opgelaai, ens. Van slaap was daar geen sprake nie. Ons het nog die oupad oor Newcastle gery.

Die volgende dag het ons Durban platgery. By Umhlanga Rocks, by die ligting, het ek so bietjie geslaap. Dit was die Saterdag-middag. Hy het voorgestel dat ons huistoe gaan. Dit het begin donker word toe ons daar weg is. Op Volksrust het ons in 'n padblokkade vasgery. Wat daar afgespeel het sal ek maar swyg. Ons het laat by die huis gekom, en gaan slaap. Daarna is ons Pretoria toe en Broederstroom toe. Na ons laat by die huis gekom het, is hy huistoe. Sy pa het hom weer die Maandag gesoek.

Die volgende naweek is ons Lekkerrus toe. Daar het ons ons goed gelos en is Louis Trichardt toe. Oom Jonker wat by ons gewerk het, het ook daar gekamp.

Nadat ons by 2 meisies was wat op 'n plaas gebly het, is ons terug Lekkerrus toe. Dit het so gereën dat ons nie geweet het watter kant toe nie.

Nadat ons so 1 uur die nag by Oom Jonker se kamp aangekom het, het hy ons slaapplek gegee. Ons het prober slap op een stretcher, maar dit het nie gewerk nie. Hoe ons daardie nag omgekry het weet ek nie.

Voor ek vergeet, want ek het 'n stuk uitgelos: Lida, my half-suster, het besluit sy gaan Suid-Amerika toe met die skip. Sy wil gaan vakansie hou. Dit was Maart 1966. Ek moes na haar woonstel en kar omsien.

Nou-ja, ek was so drie maande in diens. Sy het by die tyd ons bestuurder van die maatskappy goed geken (gelukkig!). Sy is toe weg met vakansie en ek het in haar woonstel gebly. Sy het nog die Volksie se enjin laat opdoen.

Collin, wat langs ons gebly het, se broer (Jonker het ons hom genoem) het vir ons dates gereel vir 'n Vrydag-aand. Ek het weekliks geld gekry. Ek sou met my eie kar ry en hy met sy Volksie. Omdat ek kwart voor vier klaar was met werk het die res van ons die middag omgedrink. Ons sou ons dates eers 7 uur die aand kry by die verpleegtehuis in Boksburg. Ek was al mooi op 'n stasie toe ons moes ry om ons dates te kry. Met die wegtrek het ek gevoel dat ek te veel gedrink het. Ek het so half myl gery. Die pad was dié dag net geskraap, en ek op 'n stasie! Ek het iemand sien loop en het die Volksie kant toe geswaai, en weer na die anderkant toe. Die telefoonpaal het net te gou nader gekom. Ek het die Volksie drie keer om die paal gerol. Uit daai wrak het ek geklim met net 'n scrapie aan my knie. Terwyl ek buite staan en kyk stop daar 'n ander kar. Dit is 'n ou omie en tannie. Ek gee hulle die versekering dat ek reg is. Jonker, soos ons hom genoem het, het aangery gekom. Ons het die Volksie Gaan bêre en ons dates my sy Volksie gaan uitneem. Ek het die Sondag met die Volksie Johannesburg toe gery. Dit was 'n nagmerrie trip maar ek het dit gemaak.

Die volgende stuur my ousus 'n telegram van Kaapstad dat ek haar kar op Johannesburg Stasie moet los. Ek het haar vriendin by die assuransie maatskappy gaan sien en maar met die hele sak patats uitgekom. Haar vriendin het haar gaan haal op die stasie en als vertel. Die middag toe ek by die huis kom toe was my suster baie kwaad. Ek en sy is eers Polisiestasie toe. Die Bestuurder van die drukkerij het tot my redding gekom en haar laat bedaar. Hy wou geld gee maar sy het geweier. Die assuransie het betaal en sy het 'n nuwe 1300 Volksie gekoop – so 'n bloue.

So met tyd het ek die blou Volksie begin leen. Ek het een aand 'n date in Pretoria gehad. My sus het toe al in Vereeniging gebly. Ek en die date was drive-in toe. Na die drive-in is ek huis toe want dit het gelyk na reën. Oppad het ek kort-pad gevat op 'n grondpad. Ek het maar 'n kans gewaag. Op 'n kol was die hele pad toe onder water. Ek het maar 'n kans gevat en probeer deurdruk. Ek het nie geweet daar is 'n slagat nie en het binne dit gery. Die

linker voorwiel het lelik gebuig. Ek het die spaarwiel aangesit en stil gebly. Die Maandag moes ek maar verduidelik.

Ousus het begin moeg word vir die feit dat ek haar karre so beskadig. Sy en Bruno het besluit dat ek my eie kar moet kry. Bruno het sy op die boot ontmoet toe sy van Suid-Amerika terug gekom het. Hulle is getroud en het in Vereeniging in Risiville gaan bly. Hulle het daar 'n huis gekoop. Dit het maar swaar gegaan. Hulle en ek het gespaar en eers daar in 1967 het ek my Volksie gekry. Dit was 'n lekker gevoel om jou eie vervoer te hê. My pa het baie vir my gepreek maar ek het net rond gery.

10 **Nog vakansie**

Ek en my vriend Collin het besluit om met vakansie te gaan. Dit was in Oktober 1967. Ons is na sy ma hulle, net buite Vryheid. Sy ma hulle het na 'n plaas daar getrek. Op die plaas het ons so drie dae gebly. Die petrolpomp het ons problem gegee. Ons het dit met 'n nat lap aan die gang gehou.

Na ons dit vervang het is ons Durban toe. Daar het ons seker van die lekkerste vakansies gehad. Ons was elke aand in die Playhouse. Ons het baie geleer, vernaam met die Indiërs daar. Hulle is baie skelm. Op 'n kol moes ons die radio verkoop vir petrolgeld. Dit was 'n ou radio maar ons het dit gou verkoop. Die petrol kabel het ook gebreek en ons moes maar bus ry en regmaak. Theuns se ma hulle het daar gebly en ons het verniet gebly. Ons is terug om geld te kry en is terug plaas toe vir 'n paar dae.

Ek het die Volksie so agt maande gehad toe ek dit verkoop het (R150) . 'n Ou in Johannesburg het dit gekoop en mooi reggemaak. In die tussentyd het ons met Collin se Chev oor die weg gekom. Ek dink hy het eers 'n Simca Vedette gery.

11 **Vroue en ander algemene dinge**

Ons het baie verpleegsters in Edenvale geken en uitgeneem. Dit is waar ek later vir Cecilia Hills ontmoet het. Sy was van George, maar haar hart was nie in Verpleegkunde nie. Sy wou terug na haar ma en broer toe. Terwyl ek met haar deurmekaar was het Henry Rowe, ook 'n vriend van my, by haar gaan kuier. Hy was met Lynn deurmekaar en van plan om aan haar verloof te raak.

Ek het mal verlief op Cecilia geword. Mense het my gewaarsku en met my gepraat oor haar, vernaam Sue en Jan du Plessis. Dit is Chris se broer. Sy is nie die regte een nie.

Collin se pa het my gehelp om weer kar te koop. Dit was in 1969. Ek het 'n rooi DKW gekoop vir R280.

'n Maand nadat ek die kar gekoop het is ek en Collin en sy een naweek George toe. Wat 'n naweek! Pa was bekommerd oor wat ek aanvang, maar wat ry is ek. Ons het die Vrydag-aand so half sewe eers hier weggekom. Ons het die heel nag deurgery. Het beurte gemaak. Ons het R80 tussen ons gehad. Collin het al vir Jeanette geken. Ons het die heel nag deurgery en die Saterdag so 10 uur daar aangekom. Haar ma het ons na die stadion gestuur waar haar pa en broer rugby gekyk het. Ek was moeg en nie lus vir rugby kyk nie. Haar pa het ons huistoe gestuur. Daar het ons die kar afgepak en toe is ons dorp toe.

Ons het 5 liter Hanepoot wyn gekoop wat ons sommer agter in gegooi het. Met haar pa se aankoms by die huis was hy kwaad omdat ons sulke rubbish gekoop het. Hy reël toe 'n groot braai vir die middag of aand.

Cecilia kry toe haar niggie om saam met Collin te wees. Ons vier is toe Wildernis toe waar ek haar gevra het om met my te trou. Ek kan nie onthou wat sy gesê het nie. Ons het daar op die strand wyn gedrink en tekere gegaan. Daarna is ons George toe om braaivleis te gaan eet. Haar pa het ons brandewyn en whiskey gegee. Daarna is ons al die pad Knysna toe waar die Weavers gespeel het. Dit was in die Stadsaal. Toe ons daar uitkom wou die DKW nie start nie. Iets was fout met die starter. Ons het die kar gestoot en ek het daar inmekaar gesak.

Die volgende oggend het ek langs Collin wakker geword. Ek wou huistoe, was in die middel van die wêreld! Ons is die Sondag-middag om 2 uur eers daar weg. Haar niggie het die vorige aand die pad gevat. Ek en Collin het maar die pad gevat huistoe. Skemertyd was ons naby Graaff Reinet. Daar het Volksies van die fabriek opgedaag. Ek het vir Collin gesê ons moet ry om voor te kom. Ons het op daardie stadium van dorp tot dorp gery en mekaar afgelos. Die DKW se enjin geraas het ons vaak gemaak. Of was dit die wyn?

Ons het geruil en ek was agter die stuur. Naby Vredefort het ons bult op en bult af gery. Ek moes kwart oor sewe begin werk. Skielik was daar beeste langs die pad. Een het so stadig begin om die pad oor te steek. Ek het die bees getref en al die ligte was uit. So het ons met 'n 5 sel flits aangesukkel tot in Parys. Dit was al 3:30 vm. In Parys moes ons die ongeluk aanmeld. Ons het

nog gestry oor wie gaan in by die Polisiestasie. Uiteindelik is ek in want ek het bestuur. Die polisieman het my gevra of ek die bees gesien het, ens. Daarna het hy gesê dat dit reg is en dat ek kan ry. So het ons aangesukkel tot in Vereeniging by my suster. Daar het ons maar gaan slaap tot so 10 uur. Ons is huistoe. Die voorste lig was stukkend maar ons kon darem ry. Ek het nie gaan werk daardie Maandag nie.

Van Januarie 1966 tot Januarie 1971 het ek baie beleef en baie aangevang! Cecilia het die verlowing gebreek waarna ek maar rondgedwaal het. Ek is voorgestel aan Rina Botma van Roodepoort. Het haar suster, Koekie, geken wat met Theuns getroud was. Rina se pa was teen die verhouding. Later het hy dinge aanvaar. Ons het gaan visvang by Harties en naweke na ontspanningoorde gegaan. Ek het weer 'n DKW by haar pa gekoop vir R100.

Intussen het ek en Cecilia ge-korrespondeer. Ek het verlof geneem en is weer na haar (alleen). Daar het ek 'n week gebly. Sy het sak en pak saam met my teruggekome. Saam het ons vir haar werk gesoek en blyplek in Primrose. Ons kon niks kry nie. Ons het toe Brakpan probeer. Ek het vir haar by Temsa werk gekry en verblyf by Susan, Collin se suster. Gou het ek gevind dat sy met die verkeerde mense deurmekaar is, en het haar hel toe gestuur.

In 1970 het ek met Rina uitgegaan (sy is nou dood). Ek het haar al lankal geken. Sy was saam met my by Collin en Jeanette se troue. Hulle is in September 1970 getroud. Ek het voorbereiding vir my vaktoets gedoen. Begin 71 het ek vaktoets by Olifantsfontein gaan aflê wat ek toe geslaag het. Rina se ouers was teen ons, en ek het begin moeg raak vir die ryery.

12 **Shirley, en nog so paar brokkies inligting**

Januarie 10, 1971 het ek uit my tyd gekom. Ek het begin met R69 per week. Die 24e Januarie (dit was 'n Sondag) verjaar ek. Ek en Pierre, Collin se jonger broer, was in Durban met vakansie. Hy het 'n Ford Ranchero gery en op die plaas gebly. Ek het toe vir Shirley Henning al ontmoet. Terwyl ek in Durban was wou ek net by haar wees. Ons is terug plaas toe waar ek my DKW gekry het en haastig weg is Brakpan toe.

Ons het daai Sondag, 31 Januarie 1971, na kerk, vir al my familie gaan kuier asook vriende. Corrie het my weer gewaarsku dat sy nie by my pas nie. Ek wou nie hoor nie. Ek het haar elke aand daarna gesien. Party oggende het ek verslaap en moes Johan van Heerden my kom wakker maak. (Hy het ook daar by ons gewerk). Johan het bedank en is myn toe. Hy het sy oog daar verloor

Intussen het ek en Shirley uitgegaan. Ons is die 2e Julie 1971 getroud. My bachelor het ek by Johan se huis gehou en haar kombuis-tee by haar ma se huis. Na 'n week van my bachelor party het ek eers weer reggekom. Dit was 'n vreeslike party. Ons is in die Hof in Brakpan getroud. Dit was 'n Vrydag. Ons het die Saterdag alles gaan koop by Russels wat ons R1 377 gekos het. Ek kan nie meer onthou hoeveel ek terug betaal het nie. Die Maandag het ons ons woonstel betrek in Tweede Straat Springs. Daar het Lida en Bruno ons besoek. Ek was toe 24. Sy het Leonard verwag daar in Januarie 1972. Ek het oortyd gewerk dat dit snaaks is.

Sy was baie lief vir bioskoop. Ons het al die inry teaters besoek. Na Leonard se geboorte het sy albei fliks gekyk. Die tweede flik het so tussen 12 uur en 1 uur klaar gemaak. Ek het in die kar aan die slap geraak. Soms het ek so 3/4 uur gaan werk om oortyd te kry. Dis hoekom ek fliks vandag nog haat. Ek het te veel van dit gehad.

Daai tyd het ons plaas toe gegaan, daar anderkant Vryheid. Daarvoor moes ek tyd maak. Ons het baie rusies gehad. Party Vrydag-aande het ek halfpad omgedraai en huistoe gegaan.

Na 'n jaar in een woonstel het haar swaer ons getrek na 'n ander woonstel. Ek het die woonstel uitgeverf. Die DKW het gees gegee en ek het 'n Volksie aangeskaf. Sy het een middag vir Leonard gevat en die strate ingevaar. Ek was resend van bekommernis en woede. Sy het huistoe gekom en haar verduideliking was dat sy moeg was vir die huwelik. Dinge het weer reggekom. Daarna is ons saam met Frankie Durban toe.

Ons was huisvriende met Collin en Jeanette. Ons het gereeld geld by Santam geleen. Collin het vir hom 'n nuwe Cortina bakkie gekoop. Dit het ek gereeld geleen. Dit was 1974.

Sake het begin woel aan my pa se kant. Hy kon die plot waar ons gebly het nie meer bekostig nie. Hy het my R5 000 gegee waarmee ek 'n huis kon koop. Die res sou ek later kry. Ek dink dit was R30 000. Hier by Oktober 1973 het ons begin kyk na huise. Ons het 'n huis in Casseldale gekoop. Ons het 1 Desember 1973 daar ingetrek. Ek het Collin se bakkie baie geleen en hy my Volksie. Ons het nog baie fliks toe gegaan. Ek het self die gras gesny en die instandhouding gedoen. So nou en dan het ek iemand gekry om my te help.

Ons het besluit om nog 'n kind te hê. Wil net sê dat ek die huis vir R14 000 gekry het. Dit het my R80 per maand gekos. Die water en ligte asook

grondbelasting was apart. Ek kan nie meer onthou hoeveel dit was nie. Shirley het verskeie miskrame gehad. Ons het in Februarie 76 Vaalwater na my neef gegaan. Ek het verlof gehad. Ons eerste nag daar was 'n nagmerrie. Dit het so gereën dat ek gevoel het ons moet huistoe gaan. Die water het die hele huis vol geloop. Die weerlig het vir Gert (my neef) en myself getref. Ons was gelukkig om te leef. Die volgende oggend vroeg is ons daar weg. Was tot dusvêr nog nie weer daar nie. 30 Oktober 1976 is my dogter, Annemarie. Gebore.

Ons het die huis goed ingerig en geverf. Ek het baie met Leonard gaan rondrits. Ons het goed aangegaan. Leonard is in 76 skool toe. Die skool was nie vêr van die huis af nie. Na 'n kwartaal of so het die skoolhoof ons laat kom. Hy het verduidelik dat Len te jonk is vir die skool. Ons het hom uitgehaal en die volgende jaar skool toe gestuur.

Dit was 1979 toe Shirley se ma by ons kom bly het. Sy het so ou Volksie gery waaraan ek gereeld gewerk het. Frankie, haar seun, het haar woonstel in Dal Fouché gebou. Ek het hom naweke daarmee gehelp. Gedurende 1984 het sy terug getrek. Sy het na die kinders omgesien.

1981 was 'n goeie jaar vir my. Geld sake het goed aangegaan. Ek het 'n Golf gekoop maar die kar het my baie problem gegee. Shirley het haar lisensie gekry. Shirley het ook werk by Perskor aanvaar (half-dag). Dit het haar besig gehou.

Ek het in die politiek begin belangstel. Gedurende 1981 het ek pos stemme vir die Nasionale Party gedoen. Op 'n kol is ek Pietermaritzburg toe. Koos het daar gebly en ons het by hom gekuier. Staalkie wat ek moet vertel: Terwyl ek pos stemme gedoen het kom ek by die polisie-woonstelle. Die vrou daar verwys my na die lykshuis waar haar man werksaam was. Daar aangekom sê die ou dat hy self gaan stem, ens. Hy vra my toe of ek al 'n lykshuis van binne gesien het. Hy wys my rond en trek toe laaie oop waarna ek my lam skrik. Die ou wat ek volgende moet sien lê voor my! Hy het 'n hartaanval gehad.

Ons het verskeie warmwater bronne besoek, soos Jarrabad, wat nie meer bestaan nie. Ek onthou dit was 1981. Ons het Lekkerrus toe gegaan. Daar het ons verskeie mense ontmoet. Frankie se skoon-familie was ook daar. Ons het rounders gespeel. Frankie se swaer het my mond stukkend geslaan met die krieket bat. Hy het my na 'n dokter in Naboomspruit geneem wat toe steke ingesit het.

Gedurende 1986 het ons saam met Frankie en Annet oor 'n paasnaweek na 'n warmwater bron in Noord Transvaal gegaan. Ons het die verblyf daar baie geniet. Met die terugkoms het ons Sabie om gery, en al die watervalle besoek.

Desember 1984 is ons Durban toe vir vakansie. Ek het daardie tyd 'n 1300 Golf gery. Die ding het my baie probleme gegee. Anderkant Harrismith het ek die water laat check. Dit was by Van Reenen. Die man daar by die Garage het sommer water gaan ingooi sonder dat die enjin geloop het. By Harrismith het ek agtergekom dat die enjin nie lekker is nie. So 30 km anderkant Harrismith het die kar gaan staan. Ek het na 'n plaashuis geloop en die wêreld aan die brand gebel. Niemand kon my help nie. Ek het 'n insleepdiens gekry en die kar in Harrismith by VW se garage geneem. Ek het die kinders se spaarboekies leeg gemaak. Ons het maar sukkel-sukkel huistoe gery. Die volgende dag het ek vir my 'n splinternuwe Toyota Avanti gekoop. Met hierdie Avanti het ek die wêreld plat gery.

Ek het Leonard oral gevat waar hy moes wees. Hy het karate gevat en uit die aard van sy doen en late moes ek hom orals vat. Ek was baie Sabie asook Barberton toe.

Ek het 'n bakkie nodig gehad om vuilgoed by die huis weg te ry. Na bespreking met Shirley het ek begin rond kyk en uiteindelik het ek 'n Datsun (82) bakkie raak geloop. Dit is op Shirley se naam geregistreer. Na so 2 dae by die huis het ek besluit om werk toe te gaan met die bakkie. Daar by East Gate het ek agtergekom dat daar fout is met die ding. Na 'n gebellery na die Garage het hulle my kom insleep. Na 'n dag of twee het hulle laat weet dat die crank verkeerd ingesit is. Die bakkie wou nie lekker loop nie en ek het dit na 'n vriend van my geneem sodat hy daarna kon kyk en die hele enjin opdoen. Toe ek die bakkie by hom gaan haal toe sê hy vir my dat die ding nie reg lyk nie. Iets is nie lekker nie. So 2 weke na die episode het die polisie my een Sondag-aand besoek. Ek die Maandag die bakkie na hulle depot in Benoni gevat. Hulle het die bakkie goed ondersoek en my net 'n briefie gegee dat dit vermoedelik 'n gesteelde voertuig is. Ek het 'n prokureur gaan sien, ens. Na 'n jaar van hofsake is ek die bakkie kwyt. Ek het die bakkie vir R3 600 gekoop en het op die ou end R5 100 daarvoor gekry. Agterna het ek by die werk uitgevind dat dit gesteel is in Hillbrow in 1983. Die ouens, so 20 van hulle, is in Delmas vasgetrek en gevonnies. Die geld wat ek vir die bakkie gekry het, het ek die kar klaar betaal. Net betyds, anders was ek die kar kwyt.

Ek het daardie tyd met Sydney Gair (?) deurmekaar geraak, eintlik nog voor dit. Ek moes geld leen by Santam Bank. Sydney het vir Santam gewerk en was

ook in my kerk. Ek het later uitgevind dat hy 'n groot pedofiel is. Ek wou niks met hom te doen hê nie.

Van 1986 tot daar in die 90's was ek betrokke by SATU (Suid-Afrikaanse Tipografiese Unie). Ek het danse gereel en die Bestuur na dit genooi. As ek terugdink was drank baie goedkoop daardie tyd. Ek het orkeslede leer ken en het na baie plekke gegaan. Ek onthou die eerste keer toe ek gevlieg het. Dit was na Port Elizabeth in 1989. Ons het met die Bestuur onderhandel vir salaris verhoging vir 1990. In 1991 het ek weer gevlieg, drie keer na Oos Londen. Iemand wou die pensioenfonds tot niet maak en ek het daarvan geweet. Ek was ook gedagvaar om in Kaapstad in die Hoog Geregshof te verskyn. Net voor ek moes verskyn is die saak buite die hof geskik. Ons het die saak gewen. In hierdie moeilike tye het ek agtergekom dat dit net Frankie is wat my kom haal by die lughawe en my bygestaan het.

Nog voor ek Hoof Unieverteenwoordiger was het ek baie aangejaag by die werk. Ek het deurmekaar geraak met 'n ou van Alberton. Wanneer ons moes Tech toe gaan het ons stokkies gedraai. Ou Jan het so groen Volksie gery. Eendag het sy pa ons in Alberton gesien en die werk gebel. Na alles afgehandel was moes ons die werk terugbetaal. Een aand het ons met 'n date wat hy gereël het na die Germiston meer gegaan. Daar het ons net gesels en bier gedrink totdat die polisie daar opgedaag het. Ons het uit die kar pad gegee en in die water gespring. Die polisie het ons bier uitgegooi en pad gegee. Ek dink hulle was net spiteful.

Sondae het ons na Eddie Eksteen gaan luister wat op 'n stoep opgetree het. Jan het later vir hom 'n motorfiets gekoop wat hy weer aan Collin verkoop het. Ek het baie problem met hierdie transaksie gehad. Ek moes elke maand die geld by Collin kollekteer, ens. Ek het uitgevind dat hy die geld kom steel want een naweek was ek weg en hy het my kamer goed geken, en daar het geld weggeraak. Dit was die einde van Jan!

Ek het saam met Don Richardson rond gegaan. Sy seun en ek het groot vriende geword. Don het mondfluitjie gespeel en was 'n Rep by Langeberg Ko-operasie in Boksburg. Ek het saam met hom na Magaliesburg gegaan waar hy opgetree het. Die seuns daar was baie stout. Hulle het skelm gerook en was pure 'wash outs'. Danie Smuts het baie van Don se plate gespeel.

'n Staaltjie wat ek goed onthou voordat Jan sy vingers in die till gehad het, was die volgende: Al die 'appies' daai tyd het lang hare gehad. Al die 'appies' word ingeroep (ons het nog in Auckland Park gewerk). Ons staan in 'n ry voor Mnr Buitendach. Hy vra ons uit, ens. Toe hy by Jan en myself kom toe sê ons

net dat ons meisies van die lang hare hou en dat ons nie geld het om hare te sny nie. Hy steek sy hand in sy sak en haal 2 vyftig-sent stukke uit en gee dit vir ons. Die ander is al weg om hul hare te laat sny. Ek sê vir Jan dit sal die dag wees dat ek my hare sal laat sny. Ons het met daai geld vir ons chips en coke gekoop en agter die chips winkel gaan eet. Tot vandag toe het ons nie terug gegaan om hom te wys nie.

Die San Suici was ons drinkplek. Ons het etenstye daar gaan kuier. Die San Suici was langs die Millpark Hospitaal. Ek en Jan wou teruggaan Doornfontein toe. Dit was in 1968. Ons het lekker gewerk. Dit was vêr vir my en ek moes Saterdag halfdag werk. Baie dae het ek aan die slaap geraak in die trein, dan het ek uitgevind dat ek op die verkeerde trein is en oppad na Springs toe is. Ek moes op Elandsfontein afklim. Die gevolg was dat ek moes loop. Dit was vrek vêr! Gedurende 1969 is ek en Jan terug Doornfontein toe. Ons paadjies het toe geskei.

Tegnologie het verbeter en ek moes aanpas. Ek het net aan Cecilia Hills gedink. Dit was die beginjare van haar. Ek was smoorverlief op haar. Die gevolg was ek het te veel aan haar gedink en te min aan die tegnologie. Na 3/4 maande het ek begin snap wat daar aangaan.

Len Stoop het daar begin werk. Hy was baie lief vir vroumense. Dit was sy besigheid. Na ek met Cecilia opgebreek het is ek na Len toe om troos te soek. Ek het daai tyd by my pa op die plot gebly. Pa is intussen getroud met tant Chrissie. Sy het 3 seuns gehad. Al 3 was alkoholiste. Ek gaan nie veel oor hulle sê nie aangesien hulle vroeg dood is.

Saam met Len het ons so 'n crowd gemaak en gaan visvang by Belfast. Dit is nou Len se familie, en Ben wat ook by ons gewerk het. Daar is nie veel vis gevang nie en ons is Villiers toe. Daar het ons gevang dat dit snaaks is.

Pa het baie vir my by die werk kom kuier. Hy was verveeld met homself by die huis. Die wêreld het baie vining verander. Paaie is rondom ons plot gebou. Intussen is Afrikaanse Pers deur Perskor oorgeneem. Gaan Google dit.

Ek het daai tyd nog op die Geelbladsye gewerk en het orals gehelp. Eendag het ek langs 'n ou gestaan (Piet van Ellewee) en nonsens praat. Hy het baie gedrink en die 'fits' gekry. Hy het agteroor geval en gesterf. Ek het baie mense sien gaan as gevolg van drank.

Ek het 10 jaar op die Geelbladsye gewerk. Met die Geelbladsye het jy maar gehoop en bid dat die kontrak hernu sou word. Dinge het al hoe moeiliker

geword asook mededingend. Eendag het 'n groep base my besoek en gevra of ek nie belangstel om na die Gravure Ateljee te skuif nie. Dit was 'n elite plek. Ek het die swart en wit kamera werk daar gedoen. Hier het ek ook, onder andere, Johan Badenhorst van Voetspore ontmoet. Sake het baie interessant geword. Hier het ek ook baie van die Unie se wersaamhede geleer. Ek het ook Unie Verteenwoordiger geword.

In 1993 het ek Assistent Personeel Bestuurder geword. Dit het my agter nie aangestaan nie. Ek het begin vakleerlinge oplei tot 1998. In 1998 het ek pakket gevat want Perskor het toegemaak.

Om bietjie terug te keer na die ou dae van werk – ek het baie geleer en myself maar opgewerk. Ek en Jan het baie drooggemaak en ons is na die Afrikaanse Pers gestuur waar ons op die Vaderland gewerk het. Ons het 3 jaar daar gewerk. Gedurende hierdie tyd het ek baie mense ontmoet, soos Koos du Plessis. Eendag het ek so langs die pad naby ons huis geloop toe Koos du Plessis met sy Volksie my oplaai tot by die huis. Hy het daai tyd nog in Springs gewoon. Mense wat ek nog leer ken het was: Dulcie van den Berg, Len Lindeque, Victor Ivanoff, A M Van Schoor, en nog vele meer.

13 **Die Skeiding**

Selfone het eers in 93/94 uitgekom. Voor dit moes ek maar sukkel met 'tiekie bokse'. Voordat selfone daar was het ek baie geloop. Gewoonlik het ek van die stasie af huistoe geloop. Shirley het somtyds gewag, maar sy kon ook nie vir ewig wag nie. Die treine het daai tyd meer gestaan as gery. Dis hoekom ek vandag nog treine haat.

Gedurende Oktober 1993 het Shirley my gevra om te skei. Ek het geweet die skrif is aan die muur. Om hier vuil wasgoed uit te pak is nie die moeite werd nie.

Ons is die 11e Maart 1994 geskei. Ek het in Germiston by 'n vriend van my gaan bly. Die personeel werk het al my aandag geverg. Ek het met Susan Ford begin uitgaan. Sy was langer as ek en dinge wou maar nie vlot nie.

Na 5 maande in Germiston het ek terug getrek na Shirley se huurhuis. Ons sou weer probeer. Eendag by die werk het ek 'n oproep gehad wat my lewe omgekeer het. Dit was haar boyfriend se vrou van Nigel. Sy het my alles vertel. Na die oproep het ek haar weggejaag. Sy het Nigel toe getrek en ek het die kinders gehou.

Ek het my groen Toyota verkoop in 1995 en 2 Mazda's gekoop. Een het ek vir Annemarie gegee en die ander een het ek gehou. Len het 'n ongeluk met die Avanti gehad en ons moes maar klaarkom met my kar.

Len Stoop is in 95 oorlede aan 'n hartaanval. Ek het baie dae saam met hom gery. Die treine was altyd op die koffie. Soms het hy laat gewerk.

In 1996 het ek 'n woonstel gekoop en ek en Annemarie het daar gaan bly. Len het sy eie woonstel gehad. Dit was nie vêr van ons af nie. 1996 was 'n besige jaar vir my. Middel van die jaar beland ek in die Parkland hospital. Na die maag-operasie het ek die rook gelos.

14 **Frieda kom in my lewe**

Gedurende die tyd wat ek in die hospital was het Frieda vir my kom kuier. Ek het net geweet dat sy my vrou gaan word. Ek was te haastig net die hospitaal storie en het gaan werk. Ek het weer in die Milpark Hospitaal beland waar baie familie en vriende my besoek het.

Ek het Frieda by my werk ontmoet deur haar suster wat by die pos afdeling gewerk het. Ons het uitgegaan en baie dinge gedoen. Dit het my seker 5 jaar geneem om tot trou te kom. Ek was maar bang vir die storie, na wat ek deurgemaak het.

In September 1998 is my eerste kleinkind gebore. Ek was in my nappies. Dinge was nie lekker met Perskor nie. Oktober het ons briewe gekry wat ons aansê dat ons dienste nie meer benodig word nie. Al my geld by Perskor was so by 'n half-miljoen, en ek was 51. My laaste dag daar was 6 Oktober. Ek het al die geld belê.

Met Annemarie se troue het ek Frieda belowe dat ek haar Kaap toe sou neem as sy my help. Ek het die trourok gekry en ons het die saal mooi opgemaak. Ons het lekker makietie gehou, ens. Sy is in Februarie 1998 getroud.

Ons is November 98 Kaap toe. Ons het die eerste aand op Hopetown geslaap en die volgende dag is ons na broer Jan in Belville toe. Ons het die Kaap deur gereis. Ons was oral. Ons is Mosselbaai en al daai plekke toe. Port Elizabeth het ek 'n woonstel gehuur. Dit het so gereën dat ek na 3 dae huiswaarts gekeer het. Net voor ek Cookhouse binne gery het, het ek in 'n swerm bye

vasgery. Ek sal dit nooit vergeet nie. Die swartes by die BP Garage het weggehardloop. Ek het die Golf daar skoon gemaak en verder gery.

Ek en broer Koos het baie gaan visvang en piekniek hou. Eendag het ons buite Potch vis gevang saam met sy ander swaer. Ons het die middag by die taxirank by Carltonville ingetrek en al die vis verkoop. Dit het darem die petrolgeld opgemaak.

Op 6 November 1999 is ek met Frieda getroud. Ons het 'n lekker braai by Henk se huis in Witpoortjie gegee.

Die einde November 1999 is ek en Johan (haar skoonseun) weer Kaap toe. Hy het 'n klomp goed rivier toe gevat. Die Saterdag-oggend het die agterband begin afkom. Ons het by die Hartenbos afrit gestop om die wiel om te ruil. Daar het ek 'n 'black out' gekry. Johan het my na die dokter geneem om na my te kyk. Dit was op Riversdal. Hy is verder om sy vrag af te laai. Met sy terugkoms die Saterdag-aand het hy my opgelaai. Ek was baie moeg en het spierspasma ook nog opgedoen. Ons het die Sondag-aand laat by die huis gekom.

15 **Die tyd stap aan - Die jaar 2000 en later**

Ons het Noord Transvaal besoek en die tee plantasies besoek. In Oktober 2000 is ons saam met Rita, Frieda se suster, weer Kaap toe. Eers het ons by Koos en Martie op Gariëp deurgebring. Daar het ons gaan visvang, ens. Op Gariëp het haar Cressida se petrolpomp probleme gegee. Ons moes een nag langer bly aangesien 'n ander een van Bloemfontein bestel is.

Ons het by haar seun 'n maand gebly. Ons het die Kaap weer verken. Baie rond gery. Eendag is ons Malmesbury toe en die ander dag weer Stellenbosch toe. Op Stellenbosch het ons die kaas fabriek besoek. Ons was ook Franshoek toe waar ons die Hugenote monument besoek het. Bo-op Tafelberg het ek letterlik die wêreld goed bestudeer. Daarna is ons al met die kus langs na Jeffreysbaai toe waar Nic en Elsa Terblanche gebly het. Hulle het saam met my gewerk. Ons het snoek gebraai dat dit snaaks is. Ons is Jansenville toe waar ons breakfast ge-eet het. Die boere daar stop sommer in die middel van die pad om te kuier. Die strate daar is lekker breed. Van Jansenville is ons weer Gariëp toe. Ons het weer by broer Koos gebly. Ons het die wal deurgeloop. Alles daar het ons gesien. Ons is huistoe.

Later het ek weer Gariep besoek maar saam met sus Miem. Ons het Bethulie en Gariep se konsentrasiekampe besoek. Ek het ook boeke daarvoor gelees. Wat die vrouens en kinders nie alles moes deurmaak nie. Dit net dat die Engelse tevrede moet wees en ons land kon vat soos hulle wil.

Eendag het ek gaan bel (Perskor) om iets uit te vind. 'n Vrou het my meegedeel dat Perskorvir Frieda geld skuld. By verdure navraag het dit geblyk dat dit ongeveer R12 000 is. Die geld is oorbetaal en ons is Noord Transvaal toe. Ons het eers by vriende in Pietersburg gebly. Daarna is ons op noorde toe waar ons verskeie dorpe besoek het. Dit was in 2002. Ons is Oos Transvaal toe waar ons verskeie dorpe en watervalle besoek het. Ons het by 'n vakasie-oord ingeboek. Ons het na die 3 rondawels gaan kyk en waar die bobbejane ons gepla het. Daarvandaan is ons Pelgrimsrus toe, maar die plek het begin verval. Van hier is ons Barberton toe waar ons by Frankie gebly het. Voor ons by Barberton aangekom het was ons by 'n wynplaas (lemoenwyn) op Witrivier. Daar het ek 2 bottels lemoenwyn gekoop. Dit is 'n interessante plek waar ons rondgeloop het en alles bekyk het.

Alles het duurder geword en ek moes ook maar klein werkies aanneem. In 2004 het ek 'n huis in Selection Park gekoop wat my 'n paar weke besig gehou het. Na 'n paar weke het ek die plek weer verkoop. Ek het nog werk vir die nuwe eienaar gedoen. Die nuwe eienaar, Nico, het nog 'n plek in Brakpan gekoop. Alles is egter daar ook gesteel.

Ons is die begin van 2005 Leeupoort toe. Het nog 'n klomp matrasse gevat. Ek het ook werk daar gedoen vir Ds Kruger.

Ek het agtergekom dat die Golf se kattedak te klein is, en wou iets he met 'n kattedak. My broer Jan is in Februarie 2004 oorlede en sy Opel het in 2005 in die mark gekom. Ek het die Opel gekoop. Die Golf het ek aan Frankie verkoop. Kort na ek die Opel gekoop het is ons met vakansie saam met Miem en Albert. Ons het in Hartenbos gebly. Die sleepwa was swaar gelaai. Ons het eers na Koos en Martie op Colesberg (Gariep) gegaan. Ons het daar geslaap en is die volgende dag Hartenbos toe. Op Hartenbos het ons gebly en na verskillende plekke gegaan. Ons het na Ashton gegaan waar ons wyn geproe het. Daarna is ons Montagu toe. Daar het ons ge-eet en die dorp verken. Ons is Bonnievale toe waar ons die kaasfabriek besoek het. Ons het al die strande rondom Mosselbaai besoek. Eendag was ons in die Knysna bos. Daar het ons gaan kyk na die boom wat so hoog is. Daarna is ons na die kastele by Knoetsie asook Knysna – die koppe. Dit was 'n heerlike vakansie. Met die terugkomslag het ek daardie Robertson-pas mooi bekyk. Dit het vreeslike afgronde wat my eintlik bang gemaak het. Ons het Oudshoorn verken en die

plekke rond om dit. By Meiringspoort het ons die waterval en verskeie bruggies besoek. Ons is na Koos en Martie waar ons lekker boerekos ge-eet het. Terug by die huis het ek met normale dingetjies aangegaan.

Gedurende 2006 het ek besluit om saam met Bes 'n ou klerewinkel te begin vir die Kerk. Ons het enige ding bymekaar gemaak en verkoop. Ons het R330 000 gemaak oor 7 jaar se tyd. Ons het R289 000 in die Kerk se rekening inbetaal. Die verskil het ons gebruik vir koffie, petrol, ens. Baie keer het ons in Pretoria goed gaan haal.

Collin se pa is in 2006 oorlede. Collin en Jeanette is Australië toe. Hulle het in 2007 terug gekom om hier nog sake af te handel.

Maart 2008 het ek Koster geword. Ja, dit was oopsluit, skoonmaak, begrafnisse, troues en alles wat daarmee gepaard gaan. Ek was besig. Kerke het begin agteruit gaan. Ons het in 2013 met Springs-Oos gemeente saamgesmelt. Die mense wou maar net nie saamwerk nie, verneem die vroumense. Daar was gedurig onenigheid. Met die samesmelting het ons die goed wat nog in die winkel was aan Noord Oos-Rand gegee wat op hulle beurt weer die goed verkoop het.

Ek het in 2014 my familie en vriende verloor, behalwe 2 skoonsusters wat oorgebly het. Later is nog 'n skoonsuster oorlede. Dit is nie lekker dat jy nou die enigste een oor is nie.

Ons het vir 'n munisipale huis aansoek gedoen wat ons nogsteeds bewoon.

Hoofstuk 4 – Ai, die ouderdom tog!

(Dinge wat ek vergeet het om vroeër te noem)

Werk: Ek onthou die volgende:

Daar was 'n ou wat ek 'n streep wou trek. Hy was die oggend baie besig. Ons het so 'press' gehad waarop ons proewe getrek het. Ou Mark was besig met die press. Langs die press het 'n leë drom (44 gallon) gestaan waarin ink was. Ek het al 4 stoppers uitgedraai toe ek 'n kans kry. Mark was bitter haastig. Toe hy weer die press draai om 'n proef te trek, toe val die groot roller op die grond stukkend. Hy het groot geskrik. Hy het my gevang en eerste my kop in die drom gedruk. Ons was almal op die rooi tapyt, maar niemand het dit gewaag om te split nie!

'n Ander keer het ek nagskof gewerk. Die ou wat saam met my gewerk het, het 'n swarte ge-fire. Hy was ook nog 'n vakleerling. Net 'n voorman kon iemand ontslaan volgens die reels. Die voorman het die swarte gesoek en na 'n week het hy eers uitgevind wat gaan vir wat. Die ou is huistoe gestuur vir 5 dae en sy kontrak is ook verleng met 5 dae. Ons het daardie verlenging van die kontrak gehaat soos pes.

Algemeen:

Paaie is rondom ons plot gebou wat die wêreld verander het. Ons moes ook ons plot se ingang heeltemal verander. Ek het toe nog met Cecilia uitgegaan. Een aand was ek en sy na 'n partytjie in Booyens. Ons het egter laat by die huis gekom. Sy het in my bed geslaap en ek het en ek het in my DKW gaan slaap. My stiefma het my valslik beskuldig date k by haar geslaap het. Van toe af was ek en sy haaks. Sy het te baasspelerig begin word en ek was nie daarvoor te vinde nie. Ek weet sy het dit goed bedoel maar ek was jonk en wou niks van haar weet nie.

So het die tyd aangestap. Pa het baie vir my by die werk kom kuier. Hy was afgetree en baie vervelig met himself. Hy het 2 keer 'n jaar met vakansie gegaan, dan het ek by Corrie (my halfsuster) gaan bly.

Ek onthou nog die hartoorplanting. Ek het nagskof gewerk en het amper nie geglo nie. So het die wêreld verander en die tegnologie ook.

Daar was ook Pa se broer Izak wat 'n diamantslyper was. Hy het baie gedrink. Hy het feitlik elke naweek daar by ons gekuier. Hy het in Hillbrow in 'n kamer gebly. Later het ek gehoor dat hy vir die Inkomstebelasting gaarder vlug. Hy het baie plaas toe gegaan. Hy is ook daar begrawe. Volgens Pa het hy baie geld gemaak. Hy is ook van sy tweede vrou geskei. Sy eerste vrou is oorlede.

So bietjie inligting oor my eie half- broers en –susters:

Cornelia Hester Maria van Biljon (NEE Matthee)

Adrian David van Biljon

Corrie 01/10/1925 tot 06/12/2012

At 16/11/1922 tot 30/08/2009

Jan Matthee 01/06/1927 tot 08/02/2004

San Matthee 24/04/1930 tot 24/02/2020

Andries Lodewicus de Beer 24/05/1928 tot 06/02/2003

Minnie de Beer (NEE Matthee) 19/01/1930 tot 28/03/2011

(Koos) Jacobus Matthee 21/02/1932 tot 12/10/2014

Martha Magdalena Matthee (NEE Botha) 27/11/1936 tot 09/04/2012

Abram Matthee 23/12/1934 tot 31/03/2011

Fransie Matthee 05/08/1937 tot 28/04/2023

Lida Lehnert (NEE Matthee) 10/05/1937 tot 28/08/1988

Bruno Lehnert 20/09/1933 tot 12/06/1988

Natal:

Baie dinge het ek al vergeet maar ek skryf nou daaroor soos ek onthou

Buite Newcastle aan die Majuba kant, daar by die afdraai na Utrecht, net voor die spoorlyn, daar het ek baie padkos ge-eet. Ek ken daardie wêreld. Verder na Utrecht se kant, vernaam aan die regterkant, is daar baie steenkoolmyne. Utrecht lê in so ¾ posisie kan jy sê. Jy kan die plek misry of jy kan deur die dorp ry. Ek het op daai dam daar by Utrecht gery met 'n jetski. Ken daardie plek goed. Buite Utrecht, oppad na Vryheid toe, aan die regterkant, is daar ook 'n steenkoolmyn. My vriend was 'n kontrakteur en het daar 'n kontrak gehad. Ek praat van baie jare terug.

Ek en Collin, my vriend, het baie naweke plaas toe gegaan. Dié was baie vêr anderkant Vryheid. Ons is Njati af tot daar waar die plaas was. Hierdie is mooi wêreld. Een naweek is ons Paulpietersburg toe. Daar was 'n warmwaterbron en ons het lekker geswem.

Een Saterdag-oggend sê Collin vir my dat hy wil plaas toe. Daar was nie 'n ryding behalwe sy 80cc Suzuki nie. 8 uur is ons met die Suzuki weg. Onthou, ons ry van Boksburg af in die middel van die winter. Dis bitter koud op daai ding. Ons het die

middag op Volksrust ge-eet. Dit was omtrent 3 uur. Ek het naderhand nie meer geweet hoe om te sit nie. Dit was bitter koud. So het ons maar aangesukkel. Die aand 8 uur was ons op die plaas. Toe ons voor die huis stop was ek opgevries. Sy ma het ons kos gegee en dadelik in die bed gesit.

Omtrent hier by 10 uur word ons wakker gemaak deur Theuns en 'n engelsman. Theuns was ook 'n grootmaak kind. Hy het gewerk en besluit om maar duim te gooi plaas toe. Oppad het die engelsman hom opgelaai. Hy ry toe somer net en weet ook nie waarheen nie. Die engelsman ry 'n Triumph 2 sitplek. Ek akn nie meer onthou wat ond die Sondag gedoen het nie. Theuns het aangehou dat ek saam met hulle terug sou ry. Ek het vir Theuns gesê dat ek Maandag kwart oor sewe begin werk en Collin eers Maandag-aand want hy het by Lever Brothers in Boksburg gewerk. Ons sou verskeie goed doen en die engelsman het gesê dat ons Maandagoggend so 2 uur kan ry.

Maandag het die engelsman 'n stuk karton aan die binnekant van die radiator gesit. Ek het somer dadelik geweet dat moeilikheid op pad is. Hy wou dat die kar dadelik warm word. Ek het agter die 2 sitplekke dwars gesit. Toe ons in Utrecht kom het die kar oorverhit, en 'n silinder head geblaas. Ons was toe al buite Utrech. Hy en Theuns is Utrech toe en ek het na 'n plaashuis geloop om water te kry. Met my terugkoms was hulle nog nie terug van Utrecht nie en ek het maar onder die pad by 'n laagwater brug vir hulle gewag. Ek het in my lewe nog nooit so koud gekry nie. Dit het gesneeu en ek moes kort kort kyk of hulle nie aankom nie. Ek het 'n vuurtjie gemaak en dit het so bietjie gehelp. Naderhand, so by 10 uur het hulle opgedaag. Die kar was gelap en ons het ons het in die sneeu aangesukkel huis toe. Ek het gaan werk, maar eers baie laat. Collin het die middag laat by die huis gekom. Dit was ook die einde van die bike.